

DIE GEREFORMEERDE DOOPSFORMULIER

deur

Prof. dr. V.E. d'Assonville
(Teologiese Skool Potchefstroom en PU vir CHO)



Uitgegee deur:

**MARNIX — Posbus 20252 —
POTCHEFSTROOM
1981**

WOORD VOORAF

Hierdie geskrif het op 'n eienaardige manier ontstaan. Toe daar in 1979 tydens die Nasionale Sinode van Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op Potchefstroom 'n konsep van 'n Verkorte Doopsformulier behandel is, het ek redelik skerp daarteen gereageer. My kritiek het hoofsaaklik teen die vermindering van die Verbonds-gedagte en die verskraling van die Reformatoriese erfenis gegaan. Die "nuwe" Doopsformulier het myns insiens aan groot leemtes mank gegaan en ek het gepleit vir handhawing van die bestaande, oorspronklike formulier soos wat dit uit die kerke van die Reformasie van die 16de eeu gegroei het — en ook omdat dit alreeds in 1578 verkort is. Blote verkorting — om tyd te bespaar? — beroof die kerk van te veel van sy ou goud.

Maar by die gedagte wat in die sinode uitgespreek is het dit nie gebly nie. Die belangstelling in die ontstaan van die Gereformeerde Doopsformulier is opnuut geprikkel en daar het 'n nuwe ontdekkingsreis langs die kronkelpaaie van die formulier se eerste vorming posgevat — Straatsburg, Londen, Frankfurt, Heidelberg, Frankenthal . . . Ons het weer die puinhope van die verjaagde Vlughtelingkerke gesien, maar ook die pragtige erfenis wat vanuit hierdie reformatoriese stryd aan ons nagelaat is. Inderdaad, die Gereformeerde Doopsformulier is nie maar sommer net op 'n sekere dag by 'n studeertafel gemaak nie, dit is "gebore". Jy ruik nog die martelaarsrook daaraan. Deur hierdie formulier kom jy agter hoe 'n geweldige ernstige ding die doop van God se kind is.

„Leer dan der natie haren doop verstaan en waardeeren, — en Kerk en Staat zijn gered!”
(J.A. Wormser in 1853).

V.E. d'Assonville
POTCHEFSTROOM
Lente 1981

INHOUD

1	Woord, Kerk, Doop	1
2	Teen die vals sakramentsleer	8
3	Die eerste Doopsformuliere	12
4	Gebore in die Vlugtelingkerke	16
5	Bou en struktuur	23
6	Die Sonde-ellende	26
7	Die Verlossing	32
8	Wat is die Genadeverbond?	36
9	Ons Doop die reguitpad na God	46
10	Die twee dele van die verbond	51
11	Die Kinderdoop	57
12	Die eerste gebed	65
13	Die vermaning en die vrae	72
14	Die Doopsbediening	81
15	Die dankgebed	83

Bylaes

Calvyn se Doopsformulier	87
Doopsformulier van die Paltz	93
Oorspronklike Doopsformulier 1566	99
Verkorte Doopsformulier 1578	105
Die Rutgersteks 1897	110

WOORD, KERK, DOOP

1.1. Die Woord in die sentrum van die kerkdiens

Wat is die belangrikste as die gemeente saamkom om 'n erediens in die kerk te hou — die *prediking* van die Evangelie of die gebruik van die *sakramente*? Dit was een van die brandende vrae tydens die Reformasie van die 16de eeu en — hoe belangrik tog! — dit bly steeds vandag nog 'n dringende vraag. Juis in ons moderne tyd as daar baie propaganda gemaak word vir 'n sogenaamde „*liturgiese beweging*” en 'n herlewing vir 'n „*liturgiese besef*” bepleit word, skyn dit dat daar teruggegryp word na die liturgieë uit die tyd voor die Reformasie. In Gereformeerde kringe word die vraag sterk gevra: „Het die Reformatoriese aksent nie verskralend deurgewerk in ons eredienste vandag nie (Woorddiens)?” En dan word daar hierop ook nog verder gevra of die gereformeerdes nie veel by Rome vandag kan leer oor die vormgewing van die erediens nie? (C.A. Anthonissen, 'n Prinsipieel-historiese besinning rondom die erediens, 'n referaat vir die Teologiese Konferensie te Potchefstroom, 27 en 28 April 1973). En dit gebeur dan ook alreeds dat „die viering” van die sakrament selfs in Gereformeerde kerke die voorrang begin kry bo die prediking van die Evangelie. In die nuwe liturgiese „belewing” kan die sakrament dien as voorbereiding vir die prediking (Visee, bl. 170), so beweer hulle. (Vgl. ook A.C. Barnard: *Die Erediens*, bl. 19 e.v.)

Weer eens moet daar aan die kerk met 'n gereformeerde belydenis gevra word: Is die prediking van die Woord nog in die sentrum van die kerkdiens?

1.2 Woordkerk of sakramentskerk?

In kort kan ons sê dat dit juis die dwaling van die Roomse kerk is dat dit nie meer Woordkerk is nie, maar *sakramentskerk*. Dit was juis die groot uitdaging van die Reformasie: Gaan terug na die Woord, gaan terug na die Bybel — „*Sola Scriptura*” = die Skrif alleen en „*Solo verbo*” = deur die Woord alleen. En hierdie aksent, hierdie belydenis, het selfs die kerkgeboue verander.

Waar staan die preekstoel in die kerk? Stap jy by 'n Roomse kerkgebou in, dan is dit nie die preekstoel wat opsigtelik is nie, maar die altaar, m.a.w. die plek waar die sakrament van die *mis* bedien word. Die preekstoel het maar 'n onbeduidende plek want dit het eintlik geen funksie meer nie. As die Roomse christen kerk-toe gaan, dan gaan hy nie om na 'n preek te luister nie, maar om die *mis* te gebruik. Daar by die altaar van die misoffer word Christus weer letterlik opnuut vir hom gekruisig. Geen voorlesing uit die Bybel nie. Geen preek nie, maar die sakrament. Dit is die belangrikste. Geen Woordkerk nie, maar sakramentskerk.

1.3 Die sigbare preek

Op die vraag, „wat is sakramente?“, antwoord die Gereformeerde Belydenis: „heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël . . .” (Heidelbergse Kategismus, Sondag 25).

Sigbare waartekens . . .

Om die *belofte* van die Evangelie des te beter te verstaan . . .

Hier werk die Heilige Gees nie alleen met die *gehoor* nie, maar ook met wat ons *sien*.

Romeine 10:17: „Die geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die woord van God.”

Maar wat God ons eers laat *hoor* het, dit laat Hy ons nou ook *sien*. Dit is wat by die sakrament gebeur.

Ons kan ook sê: Die Evangelie van Jesus Christus, die beloftes van die Woord, kan daarna gesien word — dit is 'n *sigbare preek*. So het *Augustinus* die Kerkvader (Seeberg 1, bl.322) en *Bastignius*, een van die eerste verklaarders van die Heidelbergse Kategismus dit gesien (Vissee, bl.87,88). Ook Calvyn noem die sakrament verwysende na Augustinus die sigbare Woord (Institusie, 1536, Simpson, bl. 220).

En nou die doop

Met die Reformasie het daar 'n totale verandering met die sakrament van die doop in die kerk gekom. Anders as met die *mis*, is daar vir die doop in die Roomse kerkdienste geen plek in die samekoms van die gemeente nie. Dit word in stilte heeltemal apart in die „*baptisterium*” (= doophuis), 'n aparte afdeling of selfs 'n

buitegebou van die kerk, bedien — weg van die gemeente. Liturgies beteken dit dat 'n mens eers deur hierdie „buitegebou” van die doop in die kerk kan kom. Daar is slegs die priester, die doeping en die vader (of getuie) teenwoordig. Die moeder kan nie daar wees nie, want die kind moet feitlik dadelik na geboorte gedoop word. Vir die Roomse standpunt is dit belangrik want die doop *self* was die sondes af. Daarteenoor antwoord die Gereformeerde Belydenis: „Nee . . . alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes” (Heidelbergse Kategismus, antw. 72).

1.4 Die Lutherse kerkdiens en die doop

In Lutherse kerke kan die doop ook buite die samekomste van die gemeente bedien word. Hier vind ons dikwels die sogenaamde „huisdoop” wanneer die predikant eenvoudig die kind in die huisgesin doop. Dit word dan bloot 'n familie-aangeleentheid. Dit gaan dikwels ook gepaard met 'n „doopmaaltyd” (Visee, bl.172).

Die Lutherse doop was nog nie 'n radikale breuk met Rome nie. In sy „*Taufbüchlein*” (Doopboekie) skryf Luther dat die doopplegtigheid begin met die woorde: „Vaar uit, jy, onrein gees en gee plek aan die Heilige Gees”. (Biesterveld, bl. 192). Hierdie „duiweluitbanning” en ook nog ander Roomse seremonies is met die Lutherse Reformasie behou. Ook die sterk individuele karakter — dat die doop nie verpligtend met deelname van die volle gemeente is nie — het sy duidelike stempel op die Lutherse formuliere afgedruk.

1.5 Die Reformasie se tweede vyand

In sy beroemde antwoord aan kardinaal Sadoletus, skryf *Calvyn* in 1539: „Van die kant van *twee sektes*, wat hemelsbreed van mekaar verskil, word ons aangeval. Want watter ooreenkoms is daar uiterlik tussen die pous en die wederdopers? . . . Albei partye hanteer dieselfde aanvalswapens teen ons. Want terwyl hulle met trotsheid die mond vol het oor die Gees, strewe hulle beslis na niks anders as om God se Woord te onderdruk en te begrawe nie.” (D'Assonville, bl.11).

Hierdie beweging van die „*Wederdopers*” staan ook in die 16de eeu bekend as die *Anabaptisme*. Die Heilige Skrif word by hulle nie alleen geminag nie, maar ook van die Heilige Gees geskei. Hulle beroep hulle op die sogenaamde „inwendige lig” waarvoor

die Bybel nie nodig is nie. Ook die kerk met die Bybel as enigste grondslag is nie nodig nie. Maatskaplike instellings soos bv. die owerheid en krygsdiens moet afgeskaf word.

Die kinderdoop word verwerp, want alleen „heiliges” kan op grond van hulle eie geloof gedoop word. En daarom moet mense wat as kinders gedoop is, *weer* gedoop word (vandaar die naam „Wederdopers”).

1.6 Die Gereformeerdes se antwoord

’n Unieke Doopsformulier gee die duidelike standpunt teen die *Roomse*, die *Wederdopers* en verkeerde opvattinge van die *Lutherse*. En dit word elke keer in die midde van die *GEMEENTE* gegee en die gemeente is elke keer daarby *betrokke*.

Hierdie Doopsformulier is *Woordbediening*. Dit gaan vooraf aan die „sigbare preek.” Dit is die een groot uitstaande kenmerk van die *Gereformeerde Doopsformulier*: Die doop word volgens God se Woord aan die gemeente verduidelik. Hierin munt dit uit bo alle ander formuliere: saam met die *sien* van die Evangelie van Jesus Christus in die doopsbediening, is die *hoor* (Rom. 10:17) altyd daar.

Teen alle dwalinge oor die doop, antwoord die Gereformeerdes in die midde van die gemeente met die *Skrif*. Langs die hele frontlinie word die banier van Jesus Christus se *Middelaarskap* opgehef: *Niemand* en *niks*, geen priester of predikant, geen „baptisterium” (doophuis) of kerk of die sakrament self, kan as middelaar tussen God en die sondaar staan nie!

Hier (in die Doopsformulier) word radikaal gebreek met die Roomse *sakramentalisme* en sy *superstisie* (*bygeloof*), maar die soewereine God met Sy ewige genade wat in Sy Woord verkondig word, word vooropgestel.

Teenoor die geesdrywers en wederdopers wat die Bybel misken en die kerk wil likwiedeër en van die doop ’n towermiddel vir die mens wil maak, word die prediking van die Evangelie sentraal geplaas.

En teenoor uitwasse wat daar nog aan die Lutherse opvatting kleef, sê die Doopsformulier pertinent: die *Woord staan in die sentrum van die erediens* en hier (nie daar buite vir die individu nie!) is die plek vir die sigbare preek dat die Heilige Gees *die belofte* (die versekering!) gee van „die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwning van ons lewe, totdat ons uiteindelik volmaak

sal wees as ons in die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe gestel sal word” (Psalmboek van die Geref. Kerk in S.A., bl. 110).

Hierdie waarhede moet juis elke keer weer aan die hele gemeente gepreek word. Ook die *kinders* moet dit *hoor* en *sien*: kyk wat het Jesus Christus uit vrye genade aan jou gedoen! Kyk wat het God aan jou werklik en konkreet beloof! Gaan jy Hom nou gehoorsaam wees en jou sekuriteit altyd in Sy beloftees soek?

Dat die doop dan juis die saak van die *hele gemeente* is — soos wat die Doopsformulier duidelik bewys — is so eg reformatories, so eg gereformeerde, soos wat dit blyk uit verskeie liturgiese geskrifte en kerkordes uit die tyd van die Hervorming.

1.7 Die Kerkorde van die Paltz 1563

Die stad Heidelberg met die ryksgebied van die Paltz was in die 16de eeu die grootste vesting van die Gereformeerde (calvinistiese) kerke in Duitsland. Dit is ook vir die Gereformeerde kerke oor die hele wêreld die bakermat van ’n deel van die Belydenis, naamlik die *Heidelbergse Kategismus* (1563). Hier is ook die plek waar ons die oorsprong van die huidige Gereformeerde Doopsformulier moet gaan soek, soos wat ons later sal sien. Hier het ook ’n Gereformeerde Kerkorde in dieselfde jaar as die Heidelbergse Kategismus in 1563 ontstaan, naamlik die „*Kirchenordnung der Kurpfalz*” (Niesel, bl. 136 e.v.).

In hierdie Kerkorde van die Paltz word die noodsaaklikheid beklemtoon dat die doop *in die midde van die gemeente* moet plaasvind sodat elkeen kan dink aan sy eie doop en dat die christelike gemeente die naam van God vir die kind kan aanroep (Niesel, p.144).

„ . . . wann die Gemein Gottes beieinander” — *wanneer die gemeente vergader!*

„ . . . auf dass sich ein jeder seins Tauffs wisse zu erinnern” — *sodat elkeen sy doop herinner!*

Weer eens: Die doop is ’n prediking aan die *hele gemeente*.

Dit word verder beklemtoon in die *Doopsformulier van die Paltz* („Form zu Tauffen”) dat die Heilige Gees by die doop aan ons beloof dat ons ware lidmate van die liggaam van Jesus Christus is („waren Glidern des Leibs Jesu Christi”) en met alle lidmate van die christelike kerk gemeenskap het („allen Glidern der Christlichen Kirchen Gemeinschaft haben”).

Ook by die *Konvent van Wesel* word in 1568 bepaal: Die doop sal nêrens anders en op geen ander manier bedien word, as in die samekomste van die kerk by die prediking en die kategismus nie (Biesterveld en Kuyper: *Kerkelijk Handboekje*, bl. 24). Dit is nie nodig om nog verder talryke bewyse uit gereformeerde geskrifte te bring om aan te toon hoe belangrik die plek van die doopsbediening met die onlosmaaklike band met die prediking in die erediens van die gemeente is nie. Ons het daarom alreeds 'n besef van die belangrikheid van die Doopsformulier as Woordverkondiging in die gemeente gekry. Laat ons met nog een voorbeeld volstaan:

1.8 Die Dordtse Kerkorde

In artikel 56 van die Dordtse Kerkorde (die kerkorde wat deur die Gereformeerde Kerk in S.A. gehandhaaf word) lees ons die volgende:

„Die verbond van God moet so spoedig moontlik aan die kinders van die Christene *in die erediens* met die Heilige Doop beseël word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.” (Uitgawe 1979)

Is die verwyd aan die Gereformeerde kerke dat hulle slegs „preekkerke” is en nie aan die sakrament genoeg plek in die liturgie gee nie, korrek? Moet daar meer lewe in die erediens „ingeblaas” word deur groter „aanskoulikheid” of vertoon met die sakramente en is daar vir „liturgiese vernuwing” ’n *inkorting* van die formulier (= Woordverkondiging) nodig?

By die Gereformeerde doopsbediening word die gemeente juis aktief ingeskakel: Geen „baptisterium” soos by Rome nie, geen familiedoop of huisdoop soos in sommige Lutherse kerke nie, geen verwerping van die kinderdoop soos by die wederdopers nie, maar in *elke erediens* in ’n Gereformeerde kerk is daar geleentheid vir die sakrament van die doop.

Dit was dan ook ’n stuk *deformasie* (verval) toe daar vir die Nederlandse Hervormde kerk deur die Reglement van 1816 die sogenaamde „*Doopsondae*” ingevoer is. (Visee, bl. 176). Gelukkig het die *Afskeiding van 1834* en die *Doleansie van 1886* met die handhawing van die Dordtse Kerkorde daar korte mettenes van gemaak!

1.9 Die formulier met ’n onberekenbare betekenis

Dit sal ’n kwade dag wees as die Gereformeerde kerke die seën en die invloed van sy Doopsformulier begin onderskat. Hierdie for-

mulier is *gebore* en nie *gemaak* nie! Saam met die belydenisskrifte het dit in die stryd en die krisis en selfs die nood van Christus se kerk ontstaan. Die reuk van brandstapels kleef daaraan. Dit het vooruitgekom en is gevorm op die pad waar die bloedspore van martelaars gegaan het. Die geboortepyne is in die verjaagde vlug-telingkerke gevoel. Toe die *Inkwisisie* (Roomse vervolging) hoogty gevier het, was dit die Gereformeerde Doopsformulier wat tot in eensame tronkselle troos vir ouers oor hulle kinders gebring het.

Nee, nooit kan ons sy waarde onderskat nie!

In groot gemeentes kan dit gebeur dat daar haas elke Sondag doopsbediening is. Laat dit tog nie 'n nadeel wees nie, inteen-deel . . . Die formulier met sy kostelike Bybelse onderwysing wat herhaaldelik gelees word ('n grootse taak vir die predikante om dit *goed* te doen) en *gehoor* word (intense werk vir die lidmaat), is een van die kostelikste „bouprojekte” vir die gemeente. Dit is „tot stigting van die gemeente” (= tot opbou) soos wat die formulier self sê. Soos wat dit in die kerkorde van Heidelberg staan: ons word weer herinner aan ons eie doop. En dit prikkel die kinders tot vrae: Vader of moeder, wat beteken dit? Is ek ook gedoop? Wat is toe aan my belofte?

So kom daar kostelike geleenthede in die lewe van ouers en kin-ders. Soos vir die Joodse kinders van die Ou Testament, moet die kinders van die Nuwe Verbond voortdurend vertel word van die Here se genade oor hulle lewe:

„Jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan . . .”
(Deut. 6:7)

TEEN DIE VALS SAKRAMENTSLEER

Dit gaan nie bloot om 'n doopsformulier sonder meer nie, maar om die *Gereformeerde* Doopsformulier. Dit vertel dadelik van die groot Hervorming van die 16de eeu. Dit was 'n *terug-vorming* van die kerk tot die Woord van God. Dit was ook 'n *her-formulering* van die kerk se beskouings oor o.a. die *geloof* en die *genade* en die *Heilige Skrif* en die *kerk* ens.

Ook die kerk se standpunt oor die sakramente moes hergeformuleer word, want dit het deur die loop van die eeue vals geword. Daarom praat ons van *Gereformeerde* formuliere en met name van die *Gereformeerde Doopsformulier*.

2.1 Die gordyn moes weggetrek word

As ons dan die betekenis van die Hervorming daarin sien dat dit 'n terugkeer was na God se Woord, 'n herontdekking van die Heilige Skrif, dan kon dit nie anders wees dat die stryd grotendeels rondom die Roomse sakramentsbeskouing ontbrand het nie, want by Rome het die sakrament juis in die plek van die Woord gekom en die altaar het die preekstoel in die kerk verdring.

En as dit so is dat die Hervormers deur hulle prediking weer die lewende Christus in al die volheid van die saligheid weer aan die kerk verkondig het, dan volg dit vanself dat dit 'n harde stryd teen die Roomse sakramentsleer geword het. Dit kon nie anders nie want hierdie vals sakramentsleer was soos 'n dik gordyn, 'n voorhangsel, wat die Evangelie toegehou het. Die lewende Christus met Sy weldade kon nie meer gesien word nie.

Hierdie afskorting van 'n vals sakramentsleer moes eers oopgeruk word sodat die gemeente weer die Evangelie met al sy beloftes duidelik kon sien en beleef in die doop en die nagmaal. Die harde kors van bygeloof moes weer deur die prediking oopgebreek word en die maskers van „'n vervloekte afgodery” (Heidelbergse Kategismus, antw. 80) moes weer afgeruk word.

2.2 Nie oornag nie, maar met eeue

Die vals Roomse sakramentsleer het nie maar op 'n sekere dag uit die lug geval of oornag deur 'n teoloog ingevoer nie, maar dit was 'n lang proses in die kerkgeskiedenis — vir eeue lank.

Dikwels word die ou Christelike kerk van die eerste eeue voor-gehou as 'n model, maar dit is met verleentheid dat ons moet agterkom dat daar alreeds in die 2de eeu dwalings met die sakramente aangetoon kan word. Die kerkvader *Tertullianus* (gebore ± 155) het bv. in sy boek „Oor die Doop” alreeds sterk afwykende standpunte soos bv. oor die doopwater wat as instrument van die Heilige Gees die mens wat gedoop word moet heilig. (Woeldekink, bl. 84) Later sou die „wyding van die doopwater” 'n praktyk word.

Gaandeweg het die „duiweluitbanning” („exorcisme” genoem) saam met ander bygelowe rondom die doopsbediening 'n plek gekry.

2.3 Die klimaks van die dwaling

Die vals beskouing oor die sakramente het deur die loop van die Middeleeue so ontwikkel dat dit in die Roomse sakramentsbeskouing sy hoogtepunt gevind het.

Die sakramente self gee die genade, volgens Rome. Die sakramente is die houer (soos 'n skottel) waarin genade gedra word. Wie dus gedoop word of die mis gebruik, ontvang die genade soos 'n vrug wat hy eet en die sap van die vrug word opgeneem in sy liggaam.

Die sakrament werk dan die genade — so sê hulle — „*ex opere operato*” = uit krag van die volbragte werk. Oorspronklik is met die „volbragte werk” nog aan Christus se lyding gedink, maar later is dit vergeet en word dit die *sakrament self* wat werk.

Die gevolg is dat die sakrament (die sigbare teken) en die genade *identies* geword het — die sakrament is self die genade!

2.4 Van die wieg tot by die graf — 7 sakramente

As die sakramente dan die genade so *outomaties* skenk — soos wat die dokter medisyne vir die siekte gee, dan word dit vir Rome nodig om die lewe van die wieg tot by die graf met sakramente te verskans. Behalwe die *doop* en die *mis* is daar ook nog die sakramente van die *vormsel* (iets soos belydenisaflegging), die *bieg* (waar jy met geld vergewing kan koop), die *salwing* van siekes en

sterwendes (waar die priester aan jou 'n geestelike assuransiepolis gee), die *huwelik* en die *priesterwyding*.

Begryplik word die sakrament dan die hoogtepunt in die Roomse erediens. Dáár ontvang die mens deel aan die goddelike lewe. Die Woord het dan 'n algehele ondergeskikte betekenis en het slegs 'n dienende plek — in diens van die sakrament wat die genade uitdeel.

Juis teen hierdie ontsettende dwalings wat nie alleen in 'n Roomse gewaad nie, maar ook in 'n „protestantse” kostuum kan kom, is die Gereformeerde Doopsformulier 'n voortdurende protes.

2.5 'n Tweede front — of was dit 'n aanval in die rug?

Sommige noem die *Anabaptiste*-beweging wat in Wes-Europa in ± 1521 begin posvat het (dus kort na die begin van die Reformasie) die linkse vleuel van die Hervorming („left wing” in die „New international Dictionary of the Christian Church”). Ander praat van die „*Stiefkinders*” van die Reformasie (Lindeboom, bl. v)

Die woord *Anabaptis* kom van 'n Latynse woord wat iemand beskryf wat weer gedoop is, m.a.w. = wederdoper. Op die voetspoor van die Hervormers het hulle beweeg met 'n radikale, rigoristiese prediking dat die Koninkryk van God hier op aarde sy volmaaktheid moet bereik in 'n heilige gemeente wat totaal afgesonderd van die wêreld moet leef omdat hulle 'n skeiding maak tussen gees en vlees, genade en natuur (vgl. die Gnostisisme).

As godsdienstige en sosiale rigting word dit dan 'n eensydige geesdrywery, 'n spiritualistiese beweging soos die van die Montanisme en Donatisme in die ou Christlike kerke van die eerste eeue.

Hulle optrede slaan oor in rewolusie en hulle verwyт teenoor die Hervormers is dat hulle nie radikaal genoeg die Roomse kerk heeltemal probeer uitroei het nie. Spoedig het dit egter ook oorgegaan tot vyandskap teen die gereformeerde kerke en het die Anabaptiste geswore vyande van die Hervorming geword. So erg was dit dat ons voortdurend in die geskrifte van die Hervormers agterkom hoë erg daar aan die rugkant met hierdie mense moes gestry word. Juis die Gereformeerde Belydenis word geharnas teen die dwalinge van die Anabaptiste. So lees ons bv. in art 34 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*:

„ . . . hierdie doop is nie alleen nuttig solank as die water op ons is en ons die water ontvang nie, maar ook vir die ganse tyd van ons

lewe. Daarom verwerp ons die dwaling van die Wederdopers wat nie met 'n enkele doop tevrede is wat hulle maar eenmaal ontvang het nie; daarby veroordeel hulle ook nog die doop van kindertjies van die gelowiges; terwyl ons glo dat hulle gedoop en met die teken van die verbond verseël moet word, net soos die kindertjies in Israel besny is kragtens dieselfde beloftes wat aan ons kinders gedoen is. En voorwaar, Christus het Sy bloed nie minder vergiet om die kindertjies van die gelowiges as om die volwassenes te reinig nie.”

Spiritualistiese geesdrywery en verwerping van die kinderdoop — ook teen hierdie dwalings is die Gereformeerde Doopsformulier 'n voortdurende prediking. By elke kind wat in die gemeente gedoop word kom opnuut die appèl: Wat sê die Skrif oor *God se verbond* en die saligheid en ons kinders?

DIE EERSTE DOOPSFORMULIERE VAN DIE HERVORMING

3.1 Geen rewolusie nie, maar reformasie

Die *Renaissance* (kultuurherlewing) was die herontdekking van die ou Klassieke van die Grieke en die Romeine.

Die *Humanisme* was 'n oordrewe herontdekking en ophemeling van die mens.

Die *Hervorming* was egter 'n herontdekking van God se Woord.

Die kerk wat reeds baie eeue lank verval en vervals is, is weer teruggelei en hervorm volgens die beginsels van die Heilige Skrif.

Die beweging van die Hervorming was egter nie rewolusie nie. Dit was nie 'n totale omverwerping van die kerk en die godsdienst nie en dit was nooit 'n breuk met die verlede nie. Nêrens het manne soos Luther en Calvyn beweer dat hulle niks meer van die kerkgeskiedenis tot die 16de eeu wil handhaaf nie, intendeel, in hulle geskifte wemel dit van plekke waar hulle hul juis beroep op byvoorbeeld uitsprake van die kerkvaders.

Dit was positief duidelik die bedoeling van die Hervormers gewees om alles wat in die bestaande kerk nie volgens God se Woord was nie, te verwyder. Hervorming was meteen suiwering van valshede, dwalinge, bygeloof en afgodery. Hulle wou nie 'n nuwe kerk stig nie, maar die een kerk van Christus moes teruggelei word tot die waarheid van die Evangelie.

Dit blyk baie duidelik uit die Doopsformuliere.

3.2 Luther se Doopboekie van 1523 („Taufbüchlein’')

In vergelyking met die ander Doopsformuliere van die Hervorming, het die reformasie by Luther getemperd deurgewerk. Dit is geensins moeilik om nog baie Roomse uitwasse (selfs gevaarlike bygeloof) in sy formulier van 1523 te vind nie. Die tweede uitgawe van 1526 het egter alreeds weer 'n groot verbetering gebring soos byvoorbeeld die weglating van die gebruik van sout vir suiwering, die salwing met olie en die brandende kers. Die kruisteken en die duiwelbeswering het egter gebly.

Die groot waarde van Luther se formulier lê egter daarin dat die doopsbediening vanaf 1523 vir die eerste keer in die volkstaal oorbring is. Dit was nie meer vir die kerkklimate 'n onverstaanbare gemompel in Latyn nie, maar van toe af kon daar ten minste verstaan word wat gebeur.

Al blyk dit baie duidelik dat die Lutherse Reformasie dikwels halfpad halt geroep het en nog aan baie onnodige Roomse gebruike bly kleef het, is dit tog 'n betekenisvolle uitspraak wat Luther in die Inleiding van sy Doopboekie van 1523 gee:

Hy vermaan dat ons moet besef dat al die seremonies wat deur mense aan die doop toegevoeg is, nie die duiwel op die vlug sal jaag nie. Ons moet boweal toesien dat ons in die regte geloof die doop bywoon, na die Woord van God aandagtig luister en ernstig meebid (Woelderink, bl. 47).

Besonder treffend is die gebed in Luther se formulier, want juis hier vind ons die duidelike wortels van die latere Gereformeerde Doopsformulier se eerste gebed: (Hierop kom ons later terug) „Almagtige, ewige God, wat deur die sondvloed volgens u streng oordeel die ongelowige wêreld veroordeel het en die gelowige Noag volgens u groot barmhartigheid gered het; U wat die verharde Farao met al sy manne in die Rooisee laat verdrink het, en U volk Israel droogvoets daardeur gelei het, waarmee hierdie bad van U heilige doop vantevore aangedui is, en wat deur die doop van U liewe Seun, ons Here Jesus Christus . . . ens.” (Woelderink, bl. 49)

3.3 Die Doopsformulier in Zurich

Die eerste Switserse hervormer was *Huldreich Zwingli*. Hy was nie 'n leerling van Luther nie, maar tree onafhanklik van die Duitse hervormer ongeveer in dieselfde tyd op en wonderlik is dit om te ontdek dat beide onafhanklik van mekaar uit God se Woord dikwels tot dieselfde insigte kom.

'n Volgeling van Zwingli, naamlik *Leo Judae* gee in 1523 (dieselfde jaar as Luther se Doopboekie) 'n geskrif in die landstaal uit waarin hy 'n pleidooi gee vir die handhawing van God se Woord in die liturgie:

„Alle christengelowiges behoort hulle vlytig toe te lê op die ondersoek van die enigste en ewige Woord van God wat ons lig en ons fakkelt is, wat ons te midde van alle verwarring, dwaling en duisternis onderrig.” (Vgl. Woelderink, bl. 54)

Hy gaan dan voort om te pleit dat baie van die toevoegsels by die doopsbediening verwyder moet word en dat die doop en al die ander seremonies volgens die insetting van God se Woord moet verrig word (Woelderink, bl. 53, 54).

In 1525, as Zwingli sy geskrif oor die doop uitgee, blyk dit dat die Switserse Reformasie baie meer radikaal die doopsbediening van Roomse gebruike gestroop het.

Weer eens is dit *die gebed* in Zwingli se formulier wat opval: „O, almagtige en ewige God, U, wat volgens U streng oordeel die ongelowige wêreld deur die sondvloed geoordeel het en die gelowige Noag met sy agt mense uit U groot barmharigheid gered het. U wat die verharde Farao met al sy manne in die Rooisee laat verdrink het en U volk Israel droogvoets daardeur gelei het, waardeur die bad van die doop aangedui is . . . ens.” (Woelderink, bl. 55)

Die talryke plekke van ooreenkoms en dikwels die letterlike presiesheid waarmee die latere Gereformeerde Doopsformulier in sy gebed op die formulier van Zurich terugval, word 'n grootse ontdekking. Dit kom ook grotendeels ooreen met Leo Judae se gebed in sy geskrif.

Sake word nou nog meer interessant: Blykbaar het Luther en Leo Judae en Zwingli in hulle formulering sterk teruggeval op 'n Middeleeuse liturgie. Dit lei tot 'n verdere konklusie: Die gebed voor die doop in die Gereformeerde Doopsformulier het dus ook 'n verbindingskakel met 'n Middeleeuse liturgie! Geen rewolusie nie, maar reformasie.

3.4 Calvyn se Doopsformulier

Vir 'n verstaan van die Gereformeerde Doopsformulier moet ons (soos wat ons later sal sien) 'n lang kronkelweg van Nederland af neem na Heidelberg in Duitsland en vandaar na Genève en dan weer Noordwaarts na Straatsburg.

Ja, Calvyn het vir die eerste keer 'n *Doopsformulier* in Straatsburg opgestel en nie in Genève nie. Dit het so gebeur:

Van 1538 tot 1541 het Calvyn die Franse vlugtelinggemeente in Straatsburg bedien. Vir die liturgie het hy toe aansluiting gevind by die bestaande Duitssprekende gemeente en neem dan van hulle formuliere oor en pas dit verder aan. 'n Nuwe probleem duik op: baie kinders van voormalige Anabaptiste (Wederdopers) word na Calvyn gebring om gedoop te word en daar bestaan nie 'n geskikte

Doopsformulier nie. Dit is dan hier wat Calvin die belangrike „*La Forme*” opgestel het wat later so ’n groot invloed tot in die huidige Gereformeerde Doopsformulier sou hê. (Vergelyk Calvin se afskeidsbrief aan Straatsburg in 1541, Corpus Reformatorum ix, 894. Vgl. ook Mawwell, bl. 48)

In 1542 is hierdie Doopsformulier deur Calvin se opvolger Pierre Brully (in 1545 ’n martelaar in Doornik) uitgegee. *Pollanus*, predikant van vlugtelinggemeentes, neem hierdie Doopsformulier van Calvin in 1548 na Engeland en vertaal dit in Latyn vir sy gemeente in Glastonbury (Bakhuizen van den Brink, 3, bl. 159).

Ook in die Duitssprekende Gereformeerde kerk van Straatsburg het hierdie Doopsformulier ingang gevind as die „Taufformular, nach Calvins . . .” (Van’t Veer, bl. 50).

Van Straatsburg af sou die Doopsformulier egter nog ’n verdere kronkelpad gaan om via Londen en Heidelberg sy invloed op die huidige Gereformeerde Doopsformulier uit te oefen.

Maar laat ons nog eers verder teruggaan na ’n ander Doopsformulier naamlik die van koning Eduard VI van Engeland.

3.5 Die Doopsformulier van die Eerste en Tweede „Prayer Book” van Eduard VI

Thomas Cramner, die aartsbiskop van Canterbury, was die man wat tydens die regering van Eduard VI van Engeland bewerk het dat die Eerste „Prayer Book” in 1549 verskyn het (Lindsay, II, bl. 356). Hoewel die gees van die Hervorming hierin sterk deurbreek het, is die behoefte vir ’n nog duideliker deurvoering daarvan sterk aangevoel. In hierdie tyd was *Bucer* ’n professor in teologie in Cambridge en sy invloed was sterk. Ook was *a’Lasco* predikant van ’n gereformeerde vlugtelinggemeente in Londen en ook hy het ’n invloed op die reformatoriese ontwikkeling van die Tweede „Prayer Book” van 1552 gehad (Woelderink, bl. 64).

Die opvallende van die Doopsformulier in hierdie tweede „English Prayer Book” is dat ons baie duidelike ooreenkomste (dikwels selfs woordelike gedeeltes) met die ander eerste Doopsformuliere van die 16de eeuse Hervorming kry. Treffend is weer eens die gebed met die verwysing na die *sondvloed* en die tog deur die *Rooisee*.

Dat hierdie Doopsformulier uit die English Prayer Book ook in berekening vir ’n studie oor die Gereformeerde Doopsformulier moet gebring word, is baie duidelik.

GEBORE IN DIE VLUGTELINGKERKE

Die Gereformeerde Doopsformulier wat ons van ons stamland Nederland oorgeërf het, het juis nie in Nederland ontstaan nie, maar is gebore uit die vervolgte, verjaagde gemeentes wat herwaarts en derwaarts oor Wes-Europa moes vlug voor die swaard van die Roomse Inkwisisie. Onder nood in die vreemde moes hierdie Gereformeerdes hulle geloof teenoor die valshede formuleer. Onder die newels van martelaarsvure moes hulle aan hulle kinders sekerheid gee vir die toekoms. Hulle kon geen geldelike erfenis agterlaat nie, maar 'n ryk testament van Christus se beloftes, 'n „Verbond met Abraham, Sy vrind wat Hy bevestig van kind tot kind” (Ps. 105:5 berymd).

4.1 Van Londen na Frankfort

Vroeg in die jaar 1550 vestig 'n aantal gereformeerde Nederlanders na vervolging hulle in *Londen*. Onder hulle was die meeste Vlaminge en Waalse vlugtelinge (d.w.s. Franssprekende Nederlanders) (Olthuis, bl. 132, Van Schelven bl. 57 e.v.) Op 'n stadium was daar selfs so baie soos vier- of vyfduisend. Deur die taalverskille het hierdie gemeente toe uit twee groepe bestaan en hulle is deur *Valerandus Pollanus* wat Calvyn se Doopsformulier van Straatsburg af gebring het, bedien (kyk vorige hoofstuk). Hierdie formulier saam met ander liturgiese geskrifte van Calvyn word dan in 1551 onder die titel van die „*Liturgia sacra*” uitgegee (Olthuis, bl. 132).

Uit hierdie „*Liturgia sacra*” volg toe weer 'n nuwe liturgie wat uitgegee word. In 1553 word aan *A'Lasco* (afkomstig uit Pole en predikant van die Nederlandse vlugtelingsgemeente in Londen) opgedra om 'n verweer teen die lasteringe van die Roomse en selfs Protestante (veral in Engeland) op te stel.

Maar toe sterf die geliefde jong protestantse koning Eduard VI en sy wrede suster die „bloedige Maria” volg hom op en vervolging bars in alle felheid op die vlugtelinggemeente los en toe moes

hulle weer die wyk neem na 'n ander land, hierdie keer na Duitsland. Sodoende kon A'Lasco se verweerskrif nie by die liturgie bygevoeg word nie (Olthuis, bl. 133).

Maarten Micron, ook een van die Londense predikante van die vlugtelinggemeente, neem onder die bloedige vervolging van koningin Maria die wyk met 175 lidmate na Denemarke en toe na Duitsland om eindelijk in Oos-Friesland tereg te kom. Dit is nou hierdie Micron wat in 1554 'n vertaling in Nederlands van die Londense liturgie uitgee onder die titel „*Christelicke ordinancien*” (ibid).

Intussen werk A'Lasco op sy swerftogte steeds aan sy Londense opdrag ('n bywerking van die Londense liturgie) en hy publiseer dit in 1555 in *Frankfort* onder die titel „*Forma ac ratio*” (ibid).

4.2 Vyf formuliere by een bron

Binne 'n kort tyd was daar nou vyf Doopsformuliere wat uit vlugtelingkerke gebore is en nou aan mekaar verwant is en waarin die formulier van Calvyn as die eerste die oorheersende invloed gehad het:

Calvyn se Doopsformulier in die vlugtelingkerk van Straatsburg, die „*La Forme*” van 1539,

Pollanus se „*Liturgia sacra*” van 1551 in die vlugtelingkerk van Londen, die *Nuwe Londense liturgie* van 1553,

Micron se „*Christelicke ordinancien*” van 1554,

A'Lasco se „*Forma ac ratio*” van 1555 in die vlugtelingkerk van Frankfort.

4.3 Van Frankfort na Frankenthal

Frankfort in Duitsland was vir 'n tyd lank die tuiste van verskeie vlugtelinggemeentes, o.a. Nederlandse, Engelse, Duitse en Franse kerke (Ibid). Selfs die Skotse Hervormer John Knox het 'n tyd daar gewerk in 1554 (M'Crie, bl. 69 e.v.). Teen 1562 was hierdie vlugtelinggemeentes ook in Frankfort nie meer veilig nie en selfs hulle kerkgebou is van hulle weggeneem. 'n Groep Nederlanders het toe met hulle predikant Datheen weer gevlug na die klooster van Frankenthal naby Worms. Hier is hulle beskerm deur die gereformeerde koning Frederik III van die Paltz, die bekende keurvors wat die Heidelbergse Kategismus laat skryf het (Olthuis, bl. 134).

Dit is hier by Frankenthal waar *Petrus Datheen* sterk na vore

getree het deur die Nederlandse gemeente tot 'n groot opbloeï te lei en hier sou die invloed van Heidelberg sy deurgang na die Nederlandse gereformeerde kerke vind.

4.4 Datheen se kerkboek

In 1563 het die bekende Heidelbergse Kategismus, opgestel deur Ursinus en Olevianus verskyn. In dieselfde jaar stel *Olevianus* die kerklike formuliere op en hy maak sterk gebruik van die reeds bestaande liturgieë van *Calvyn* en *A'Lasco*.

Hierdie verskyning van die Heidelbergse Kategismus asook die Liturgiese geskifte deur Olevianus, was vir Datheen die groot aansporing om self aan die werk te spring vir 'n liturgie in Nederlands. Terselfdertyd was hy ook besig om die Psalms in Nederlands te berym (Biesterveld, bl. 41, Olthuis, bl. 134).

Die vrug van Datheen se arbeid blyk in 1566 as hy die vertaalde Heidelbergse Kategismus saam met sy berymde Psalms uitgee asook 'n vertaling en omwerking van die formuliere van die Paltz (waaronder natuurlik ook die Doopsformulier) (Ibid).

Die *titel* van hierdie belangrike Gereformeerde kerkboek van Datheen was soos volg:

„De Psalmen Davids, ende ander lofsanghen, wat den Francoyschen Dichte in Nederlandschen ouerghesett, doer Petrum Dathe-num. Metgaeders den Christelicken Catechismo, Ceremonien ende Ghebben”.

Die oorspronklike inhoudsopgaaf van Datheen se Formuliere het soos volg daar uitgesien: (Woelderink, bl. 28)

- „1. Forme om den heylighen Doop wt te rechten.
2. Een korte ondersoeckinge des gheloofs, ouer degene die sich tot der Ghemeynte begheuen willen.
3. Forme om dat heylige Auendtmael te houden.
4. Forme om de houwelicken voor die Gemeynte te beuestigen.
5. Christelicke Ghebeden, die men in die Ghemeynte ende Elders ghebruycken kan; Naemelick, Een Ghebedt des Sondaeghs voor de Predicatie; Ghebet des Sondaeghs nae de Predicatie; Ghebedt voor de leere des Catechesmi; Ghebedt nae de leere des Catechismi; Ghebedt ende opentlicke belydinge der sonden des werekdaeghes voor die Predicatie; Ghebedt nae deselue Predicatie; Dat Morgen Ghebedt; Dat Auendtgebedt; Ghebedt voor eten; Ghebedt na eten; Ghebeden bij den

Krancken ende aengheuochtenen, Ghebedt bij de begrauninghe der dooden.”

Spoedig het hierdie kerkboek van Datheen in 1566 onder die Nederlandse kerkvolk ingang gevind, in die vaderland en ook onder die kerk in verstrooiing. Ook by die „*Hagepreeken*” (godsdiens oefeninge in die buitelog onder vervolging) is hierdie boek gebruik (Olthuis, bl. 134). In bange dae en donker koue nagte was hierdie boek naas die Bybel die verjaagde Gereformeerde kerk se troosboek. Maar dit bly ook nog steeds tot vandag toe een van die belangrikste bronne waaruit die huidige Gereformeerde Doopsformulier ontspring het.

Daarmee is die proses van vorming van die formulier egter nog nie afgehandel nie.

4.5 Die konvent van Wezel 1568

In die tyd toe Datheen se kerkboek gepubliseer is (1566), kon die vlugtelingkerke nie in 'n sinode vergader nie. In 1568 was daar egter 'n samekoms van predikante en nog ander lidmate by Wezel in Duitsland. Dit was die sogenaamde *Konvent van Wezel* waar die bekende Wezelse Artikels opgestel is (Vir die oorspronklike Latynse uitgawe, kyk Rutgers, bl. 9 e.v.; vir 'n Nederlandse vertaling, kyk Biesterveld en Kuiper, bl. 1 — 34).

By hierdie samekoms (konvent) was Datheen die voorsitter (Biesterveld, bl. 42) en word o.a. deur die vergadering besluit dat sy Psalmberyming en vertaling van die Heidelbergse Kategismus gebruik moet word. Wat die Waalse (Franssprekende) Gereformeerde kerke betref word die Geneefse Kategismus voorgeskryf (Biesterveld en Kuiper, bl. 14,15).

In verband met die sakrament van die doop, lees ons in die 6de hoofstuk van die Wezelse Artikels:

„De doop nu zal bediend worden met het gebruikelijke formulier, dat in de kerkelijke verordeningen voorgeschreven is. En dat nergens anders noch op eenige andere wijze dan in de samekomsten der kerk bij de prediking van den catechismus.” (Ibid, bl. 24)

Hierdie „gebruikelijke formulier”, so word oor die algemeen aanvaar, was die formulier wat Datheen by die Paltz oorgeneem, vertaal en bygewerk het. Hierin het 'n ander Gereformeerde predikant naamlik *Gaspar van der Heyden* hom bygestaan. (Daar is selfs 'n standpunt dat die kerkboek van Datheen eintlik die werk

van Van der Heyden was, maar die bewyse is nie oortuigend nie. (Kyk Olthuis, bl. 136).

4.6 Verkorting van die Gereformeerde Doopsformulier

Van die tyd van Wezel af (1568) tot met die groot Nasionale Sinode van Dordrecht in 1618-1619, het die Doopsformulier telkens onder behandeling gekom en dit was dan ook met reg die tyd van vestiging van hierdie reformatoriese geskrif in die Gereformeerde kerke in Nederland. Juis daarom is hierdie ontstaansgeskiedenis 'n direkte deel van die geskiedenis van die Afrikaanse Gereformeerde Doopsformulier.

Van groot belang is die hersiening van die formulier wat die *Provinsiale Sinode van Suid-Holland in 1574* aangebring het. Daar is toe besluit om dit te verkort. (Olthuis, bl. 137)

Omdat Datheen se formulier redelik lank geneem het om voor te lees, het predikante soms in die versoeking geval om gedeeltes uit te laat. Die Provinsiale Sinode van Suid-Holland het dit gevaarlik geag en reeds tydens die vergadering is 'n konsep van die verkorte formulier voorgelê en die volgende jaar is dit op die *Nasionale Sinode van Rotterdam* (1575) goedgekeur (Olthuis, bl. 138).

Met nog enkele wysigings van die Rotterdamse teks, kry ons dan die finale Gereformeerde Doopsformulier (met enkele verskille) in sy verkorte vorm by die Nasionale Sinode van Dordrecht in 1578 wat in 1580 te Atwerpen uitgegee is (Ibid, bl. 138).

Van belang is dit om te weet dat niemand minder as Olevianus verkorting van die Doopsformulier nie wenslik geag het nie. Aan Bullinger skryf hy: „Miskien vind u dit (die formulier) wel lank. Maar deur die sakramentskwessie ontstaan al die teenswoordige twiste. Daarom moet ons om duidelik te wees, nie al te beknop wees nie”. (Olthuis, bl. 137).

Die Formulier vir Volwassenes

Aanvanklik het daar saam met die gewone Doopsformulier nie ook nog 'n ander een vir volwassenes bestaan nie, maar spoedig het daar 'n behoefte daarvoor in die kerke opgekom. Die rede was dat baie onder invloed van die *Anabaptiste* (Wederdopers) in hulle kinderjare ongedoop gebly het en telkens is die kerke dan met hierdie ongedoopte volwassenes gekonfronteer (Woelderink, bl. 30).

Die opmerklike is nou dat hierdie formulier vir volwassenes in

teenstelling met die eerste doopsformulier op Nederlandse bodem ontstaan het en nie uit die vlugtelingkerke gekom het nie.

Die Provinsiale Sinode van Noord-Holland het in 1580 nog geoordeel dat elke kerk (gemeente) die doop moet bedien soos wat dit die stigtelikste kan gebeur. (Olthuis, bl. 185, Woelderink, bl. 30).

Eers op die *Nasionle Sinode van Brielle van 1603* is 'n formulier vir „outjariges” goedgekeur (Ibid).

In Zeeland is daar ook in 1611 'n tweede formulier vir volwasenes uitgegee wat saam met die eerste een van Brielle die grondslag gevorm het vir die finale formulier wat deur die Nasionale Sinode van Dordrecht in 1619 goedgekeur is (Woelderink, bl. 31).

4.7 Die Rutgers-teks

Dit is 'n groot leemte dat die Nasionale Sinode van Dordrecht 1618-1619 wat die lys van liturgiese geskrifte vasgestel het, nie vir 'n finale teksuitgawe vir die kerke gesorg het nie (Woelderink, bl. 31). As gevolg hiervan was daar 'n hele aantal verskillende tekste van die Doopsformulier in omloop en boekhandelaars was ook daaraan skuldig dat hulle deur onnoukeurigheid toegelaat het dat daar veranderings in die teks gekom het. Daaroor kla die geskiedskrywer Trigland alreeds in 1651 (Wielenga, bl. 17).

'n Verdere gevolg van onsekerheid oor die presiese teks van die liturgiese geskrifte in die Gereformeerde kerke was dat daar teen die begin van hierdie eeu 'n hewige polemiese stryd waaraan o.a. van die Gereformeerde kerke se kant dr. H.H. Kuiper en van die Hervormde kerk se kant dr. M.A. Goosen en dr. L.A. Langeraad deelgeneem het, gewoed het. (Vgl. Woelderink, bl. 31).

Dr. F.L. Rutgers, hoogleraar van die Vrije Universiteit Amsterdam, bygestaan deur professore *H. Bavinck* (destyds van Kampen) en *A. Kuiper* (Amsterdam), het toe na deeglike navoring die mees outentieke teks (na hulle mening) daargestel, die sogenaamde „*Flakkeesche*” uitgawe in 1897. Dit is by die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke te Arnhem in daardie jaar goedgekeur (Wielenga, bl. 17).

Dit is hierdie *Rutgersteks* wat aan die begin van hierdie eeu ingang gevind het in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Dit staan ook bekend as die „*Flakkeesche*” teks waaruit die Afrikaanse Doopsformulier vanaf die begin — toe vertaling ter sprake gekom het — vertaal is (Vgl. Handeling van die Alge-

mene Sinodes van die Gereformeerde Kerk in S.A. 1916 bl. 55, 1918 bl. 32, 1920 bl. 39)

In 1927 (d.w.s. voordat die Afrikaanse vertaling ingevoer is) het die Algemene Sinode van die *Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* uitdruklik verklaar dat die *Rutgersteks* „die outentieke teks van die formuliere” is waaraan die predikante gebonde moet wees (Handelinge, 1927, bl. 35).

4.8 Die Afrikaanse vertaling van die Doopsformulier

Reeds in 1916 is daar in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 'n begin gemaak om die Belydenisskrifte en die Liturgiese formuliere in Afrikaans te vertaal (Handelinge 1916, bl. 55). Die samewerking van die twee ander Afrikaanse kerke (N.G. Kerk en N.H. Kerk) is dadelik gesoek en die gesamentlike poging sou in 1936, feitlik gelyktydig met die Afrikaanse Psalmberyming afgehandel wees. In 1937 is die Belydenisskrifte en Liturgiese formuliere vir die eerste keer amptelik uitgegee (Vgl. die uitgawe van die Psalmboek in Afrikaans, Kaapstad, 1937).

'n *Hersiene vertaling* van die Liturgiese formuliere as 'n gesamentlike poging van die drie Afrikaanse kerke het daarna in 1976 en 1977 gevolg (Die Kerkboek van die N.G. Kerk, Kaapstad. 1976; Die berymde Psalms ens., Eerste hersiene uitgawe, Kaapstad, 1977).

Die Gereformeerde Doopsformulier wat 400 jaar gelede onder vervolging in die vlugtelingkerke gebore is, vind dus nog steeds onder die Afrikaanse volk en ook onder ander volke van Afrika 'n onbelemmerde voortgang.

BOU EN STRUKTUUR VAN DIE GEREFORMEERDE DOOPSFORMULIER

Alhoewel die Gereformeerde Doopsformulier in die vlugtelingkerke gebore is, onder swaar vervolging, is dit tog merkwaardig dat dit saamgestel is met 'n pragtige harmoniese komposisie. Die bou en struktuur is een van die mooiste voorbeelde wat die argitektuur van die 16de eeuse Reformasie op 'n unieke manier uitbeeld. Inderdaad: gebore en nie gemaak nie!

Die eerste ding wat opval is die feit dat die Doopsformulier hoofsaaklik in twee gedeeltes saamgestel is, 'n *didaktiese* (onderwysende) eerste gedeelte en 'n *rituele* (seremoniële, liturgiese) tweede gedeelte. Die didaktiese of onderwysende gedeelte is van die begin af tot voor die eerste gebed. Dit gee 'n verklaring van die betekenis van die heilige Doop. Die rituele tweede gedeelte bestaan uit die gebed voor die doop, die vermaning en vrae aan die ouers, die doopsformule met plegtigheid en aan die slot die dankgebed.

Die *didaktiese* (onderwysende) eerste deel van die Gereformeerde Doopsformulier is nou juis die mees tipiese kenmerk van die Hervorming. Hier is die duidelikste bewys dat die Gereformeerdes dit as 'n eis gestel het dat die sakrament nooit (soos in die geval by Rome en ander kerke) sonder die prediking van die Woord moet bedien word nie. Hier is nie alleen ritus, seremonie of plegtigheid nie, maar ook onderwysing. Hier word radikaal gebreek met *bygeloof* asof die doopsbediening in sigself op magiese wyse die verlossing bewerk (die „ex opere operato” van die Roomse teologie). En juis om hierdie rede is die Gereformeerde doopsbediening 'n saak van die hele gemeente (kyk hoofstuk 1). Veral Calvyn het geweldig sterk aangedring op hierdie betrokkenheid van die gemeente en daarom was die prediking wat die doop verduidelik (die formulier) so noodsaaklik. Die formulier van die Paltz druk dit so duidelik uit: „. . . auf dass sich ein jeder seins Tauffs wisse zu erinnern” — sodat elkeen sy eie doop herinner!

Die didaktiese deel van die Doopsformulier bestaan weer uit twee dele: die eerste handel oor die betekenis van die *doop in die algemeen* en die tweede deel oor die *kinderdoop* in besonder.

5.1 Die stem van die Heidelbergse Kategismus

Die afkoms van die Gereformeerde Doopsformulier is onmiskenbaar. Gaan torring aan sy samestelling deur dele weg te laat of aanpassings te maak deur die volgorde om te ruil, dan loop jy gevaar om die klassieke indeling van *ellende — verlossing — dankbaarheid* kwyt te raak. Dit is die lyn wat vanuit die boek *Romeine* via Calvin loop na die Heidelbergse Kategismus.

Dit is nie sonder betekenis dat Calvin sy verklaring van die brief aan die Romeine juis by Straatsburg voltooi het nie en dat dit op daardie plek was wat hy sy Doopsformulier opgestel het nie. Daarin stel hy voorop: „Ons Here toon ons in watter armoede en ellende ons almal gebore is . . .” (Woelderink, bl. 58). En dit is ook die eerste deel van die Heidelbergse Kategismus.

En so is die Gereformeerde Doopsformulier 'n egte kind van Heidelberg.

In die tweede deel oor die *verlossing* word al die beloftes van die Drieënige God as Vader, Seun en Heilige Gees opgesom. Dit is alles God se soewereine, vrye genade wat bewys word in die *genadeverbond* wat Hy met ons opgerig het.

En dan kom die pragtige sluitstuk van die *dankbaarheid*, die eis van gehoorsaamheid waartoe die kind van God juis so skerp deur die teken en seël van die doop opgeroep word.

5.2 Die rituele gedeelte

Hier onderskei ons tussen *ten eerste*: die gebed vóór die doop, *ten tweede*: die vermaning aan die doopouers, *ten derde*: die doopsformule en *ten vierde*: die dankgebed.

Iets meer oor die bronne

Datheen, bygestaan deur *Van der Heyden* het die oorspronklike Doopsformulier vir die Nederlandse Gereformeerde kerke uit verskillende bronne saamgestel:

Die belangrikste bron was die Doopsformulier van *Die Paltz* wat op sy beurt sterk geleun het op die formulier van *Calvyn*. Dit geld veral die didaktiese gedeelte waarin daar ook gebruik gemaak is van *Micron* se „Christelike ordinnancien”.

Die opwekking tot die gebed is letterlik van Micron oorgeneem.

Die *gebed* self het sy oorsprong in die formulier van *Luther* van 1523 asook by die formulier van *Zurich* in dieselfde jaar en — wie weet — deur middel van die *First Book of Common Prayer* van Eduard VI van Engeland (Kyk hoofstuk 3).

Die *vrae aan die ouers* is ontleen aan *A'Lasco* se formulier en die *dankgebed* weer hoofsaaklik aan die Londense „Liturgia sacra” (kyk hoofstuk 4).

DIE SONDE-ELLENDENDE

6.1 Die opskrif

Jongste Afrikaanse teks: Formulier om die doop aan die kinders van gelowiges te bedien.

Eerste Afrikaanse teks: Formulier om die heilige doop aan die kinders te bedien.

Rutgersteks: Formulier om den Heiligen Doop aan de kinderen te bedienen.

Formulier van die Paltz: Form zu Tauffen.

Formulier van 1566 (Datheen): Forme om den Heyligen Doop wt te rechten.

Verkorte formulier 1578: Forme om den Heylighen Doop uyt te richten.

Enkele opmerkings:

6.1.1 Die oorspronklike woord vir ons *formulier*, was „forme”, afkomstig van die Latynse „forma”. Vergelyk ook Calvin se „La Forme” in Frans.

6.1.2 Aanvanklik was daar geen spesiale formulier vir volwasse nes nie. Trouens, die Gereformeerde kerke het in die tyd van die Hervorming geen ander doop as die kinderdoop geken nie en daarom was ’n byvoeging „aan die kinders” onnodig. Deur die beweging van die Wederdopers (Anabaptiste) het baie kinders egter ongedoop gebly sodat die kerke veral in die tweede helfte van die 16de eeu eenvoudig noodgedwonge moes sorg vir ’n formulier vir volwasse nes. Eers in 1603 het dit tot stand gekom (Kyk hoofstuk 4).

6.1.3 Die toevoeging „van gelowiges” het nogal in die kerkgeskiedenis besware uitgelok van die kant van teoloë wat werk met ’n sogenaamde uitwendige en inwendige verbond en die sigbare kerk (ook ongelowiges ingesluit) en onsigbare kerk (alleen gelowiges) en dat almal wat deel het aan die doop nie sonder meer gelowiges is nie. Die Hervormers het egter nooit met ’n uitwendige en ’n inwendige verbond of ’n uitwendige en inwendige kerk gewerk nie.

Ook die Gereformeerde Doopsformulier werk nie met sulke onderskeidings nie (Woelderink, .bl. 259). Ook die aanspreekvorm, „*Geliefdes in die Here Jesus Christus*” dui daarop dat die kerk nie ’n oordeel oor die *innerlike* van die gemeente gaan fel nie. Vergelyk bv. hoe dat die apostel Paulus die sondige gemeente van Korinthe aanspreek.

6.2 In sonde ontvang en gebore

„*Ten eerste: Ons en ons kinders word in sonde ontvang en gebore. Daarom is ons onder die toorn van God . . .*”

Om te begin met die erkenning van die mens se sonde en ellende, sy algehele doemwaardigheid en sy hopelose toestand in homself, is een van die eerste sluitstene van die Gereformeerde belydenis. Dit is ook die eerste deel van die Heidelbergse Kategismus. Dit vertel van die mens wat „van nature geneig is om God en sy naaste te haat” (antw. 5) en van sy verdorwe aard wat kom „uit die val en die ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers Adam en Eva in die Paradys en dat ons almal in sondes ontvang en gebore word” (antw. 7).

In die oorspronklike Doopsformulier van 1578 staan die teks Ps. 51:7 langsaan net soos by antw. 7 van die Heidelbergse Kategismus.

Calvyn se formulier maak ook juis aan die begin melding van die „ellende en bedorwenheid” waarin ons gebore word (kyk bylaag 1).

„*Daarom (so sê die Gereformeerde Doopsformulier verder) is ons onder die toorn van God en kan ons nie in Sy ryk kom nie, tensy . . .*”

6.3 Die wedergeboorte

Die *toorn* van God en uitgesluit uit Sy koninkryk . . . **TENSY . . . TENSY ONS WEER GEBORE WORD!**

Laat ons tog nie van die wedergeboorte ’n ingewikkelde, moeilike, teologiese probleem maak nie, maar heel eenvoudig soos ’n kind dit raaksien: *wedergeboorte* = ’n *nuwe lewe*.

Dit is geen produk van die mens self nie! Net soos met ons eerste geboorte is dit nie onself wat aan ons die lewe gegee het nie.

Ons het nie onself laat gebore word nie.

Ons het nie onself verwek nie.

Net so kan ons nooit self ons eie *nuwe lewe* prakseer nie.

In sy gesprek met Nikodemus het Jesus Christus hierdie wedergeboorte beskryf as 'n geboorte uit die *Heilige Gees* (Joh.3).

Die Heidelberger kom met dieselfde „tensy” as die Doopsformulier. Op die vraag of ons dan so bedorwe is dat ons heeltemal onbekwaam tot enige goed is en geneig tot alle kwaad, is die on dubbelsinnige antwoord: „Ja . . . tensy . . .” „*tensy ons deur die Gees van God wedergebore word*” (antw. 8)

Hierdie allernoodsaaklike wedergeboorte vir die *nuwe lewe* na die sonde-verdorwenheid, kan *geen mens* „maak” nie — alleen *God die Heilige Gees*.

En hierdie belofte van die *nuwe lewe* word aan die kind by sy doop deur die Drieënige God gegee!

Maar dit is jy, gedoopte, wat daarna sal LEEF — opnuut sal leef.

Hoor net hoe stel *Calvyn* dit in sy Doopsformulier in 1541: „. . . toe Hy (d.w.s. God) aan ons ons onreinheid en afstootlikheid openbaar en aangetoon het, het Hy ook uit Sy barmhartigheid vir ons vertroosting gegee en aan ons belowe dat Hy ons met Sy Heilige Gees tot 'n nuwe lewe sal opwek om vir ons 'n toetrede tot Sy ryk te wees”

Wedergeboorte en bekering wel onderskei, maar nooit geskei nie. *Wedergeboorte en bekering* het nie met twee verskillende sake te doen nie, maar dieselfde saak — ons redding en verlossing — word van twee kante besien.

Dit is dan ook baie opmerklik dat die Gereformeerde Belydenisskrifte die begrippe wedergeboorte en bekering konsekwent i.v.m. die een saak gebruik. Laat ons 'n enkele voorbeeld noem. In art. 12 (3de en 4de hoofstuk) van die *Dordtse Leerreëls* lees ons: „Verder, wanneer God hierdie welbehag in die uitverkorenes uitvoer en die ware *bekering* in hulle werk, dan laat Hy aan hulle nie alleen uiterlik die evangelie verkondig en verlig Hy nie alleen hulle verstand kragtiglik deur die Heilige Gees nie, sodat hulle reg kan verstaan en onderskei die dinge van die Gees van God; maar Hy dring ook in tot in die binneste dele van die mens met die kragtige werking van dieselfde Gees wat die *wedergeboorte* skenk . . .”

Hiervan sê *Woelderink*: Hier is geen sprake van 'n wedergeboorte wat eers gewerk word terwyl die bekering daarna gewerk word nie, of dat die bekering uit die wedergeboorte opkom nie,

maar deur die kragtige werking van die Heilige Gees wat wedergebore laat word, word ook die bekering gewerk.

As die Heilige Gees die wedergeboorte werk, word 'n mens tot bekering gebring: (bl. 273).

Wedergeboorte ook nooit sonder die Woord nie!

In die Bybel, in *1 Petrus 1:23* lees ons:

„ . . . Julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly.”

Maar dit bly altyd God Self wat dit werk. Nie die Woord alleen sonder God nie, maar God alleen deur Sy Woord! Mooier as in die Gereformeerde Belydenis kan ons dit nie stel nie:

„Dit is die *wedergeboorte*, die vernuwing, nuwe skepping, opwekking uit die dode en lewendmaking waarvan so heerlik in die Skrif gespreek word, wat God sonder ons in ons werk. En dit word in ons nie teweeggebring deur middel van die uiterlike prediking alleen of deur aanprysing, of deur enige werking van sodanige aard dat dit, nadat God Sy werk volbring het, dan nog in die mens se mag sou lê om *wedergebore* of *nie wedergebore* te word nie, *bekeer* te word of *nie bekeer* te word nie” (Dordtse Leerreëls, hoofstukke 3 en 4, nr. 12).

6.4 Onderdompeling en besprenkeling

Die Doopsformulier gaan verder deur te sê:

„Dit word ons geleer deur die *indompeling* in en *besprenkeling* met die water.”

Vir die Afrikaanse *indompeling* het die oorspronklike, outentieke teks die woord *ondergang* wat waarskynlik beter deur *onderdompeling* kon weergegee word.

Oorspronklik het die doop met onderdompeling plaasgevind in die water van die Jordaan (Matt. 3:6). Só is Jesus Christus ook gedoop.

Dit is egter onwaarskynlik dat die 3 000 wat na die Pinksterfees in Jerusalem gedoop is, dit deur onderdompeling ontvang het (Hand. 2:41). In Hand. 16:33,34 lees ons van die sipier van Fillipi wat met al sy mense in die tronk gedoop is. Sou dit werklik onderdompeling wees?

Besprenkeling is egter ook nie onskriftuurlik nie. In Esegïel

36:25 lees ons: „Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word”.

Die besprenkeling met water word dan die uiterlike teken van die reiniging van sonde. Daar word ook gepraat van die „besprenkeling met die bloed van Jesus Christus” (1 Petr. 1:2).

En nou sê die Doopsformulier dat die *wedergeboorte* aan ons geleer word deur die onderdompeling en besprenkeling met die water.

Dit vertel van *ondergaan* en *opstaan*.

Wie gedoop word, word begrawe in die watergraf van die doopwater en dit is ’n begrafnis met Christus: „Of weet julle nie dat ons almal wat in Jesus Christus gedoop is, in Sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in die nuwe lewe kan wandel” (Rom. 6:3,4).

Nou is dit uiters belangrik om te weet dat hierdie Bybelteks (Rom. 6:3,4) in die oorspronklike formulier van 1578 voorkom by die „ondergang en besprenkeling” — juis omdat dit ’n verduideliking van die essensiële wedergeboorte is. (Dit is ironies dat by moderne pogings om die Doopsformulier te verkort juis hierdie belangrike Bybelse begroning weggelaat word. Vergelyk byvoorbeeld pogings tot verkorting by die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in S.A. in 1976 — Handeling, bl. 505 en 1979 — Handeling, bl. 494. Die N.G. Kerk het reeds ’n sodanige verkorting goedgekeur soos blyk uit Die Kerkboek 1976, bl. 21).

6.5 Vermaning tot selfmishaging en verootmoediging

„So word ons vermaan om ’n mishae in onself te hê, ons voor God te verootmoedig en ons reiniging en saligheid buite onself te soek”.

Die doop gee nie alleen *onderwys* nie, maar dit *vermaan* ook. Sigbare onderwysing en sigbare vermaning — dit is die sakrament. Dit is so eg gereformeerde vanuit die 16de eeu. En weer eens is dit die Heidelbergse wat ons daarin voorgaan. Die Doopsformulier van die Paltz het dit reeds in 1563 geformuleer:

„ . . . und vermanet uns derhaben heimit, dasz wir uns für Gott demüttingen, und ein miszfallen haben sollen an uns selbst.”

En presies so het Datheen dit reeds in die Gereformeerde Doopsformulier van 1566 in Heidelberg oorgeneem.

Maar dan het daar ook nog iets kosteliks bygekom: die *doel* van hierdie selfmishaging en verootmoediging voor God — „ons also bereydende, syn genaede te begeeren”! (Formulier van die Paltz: „und bereittet uns also Seine gnade zubegeren . . .”)

. . . sodat ons God se genade begeer!

Ons kan selfs praat van 'n geniale greep: Sonder reiniging van ons sondes en sonder wedergeboorte kan ons die koninkryk van God nie ingaan nie. Maar as die Formulier kom met 'n *vermaning* — so vroeg alreeds — dan roep hy ons nie nou op om met goeie werke en mooi christelike dade verder te gaan nie, inteedeel, ons word vermaan om geheel en al van onself af te sien „en ons reiniging en saligheid buite onself te soek”, dus ook ons wedergeboorte in Jesus Christus.

DIE VERLOSSING

„Ten tweede: Die doop betuig en verseël aan ons die afwassing van die sondes deur Jesus Christus.”

7.1 'n Heilige sakrament

Met die woorde „die doop *betuig* en *verseël*”, sluit die Doopsformulier direk aan by die definisie wat die Heidelbergse Kategismus van die sakramente gee, nl. dat dit „heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel (is) om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël . . .” (antw. 66).

Dat die sakrament *heilig* is, is konsekwent deur die Hervormers gehandhaaf. Juis in die Gereformeerde Doopsformulier het hierdie heiligheid van die sakrament van die eerste teks van *Datheen in 1566* af deurgaans beklemtoon. So word dit in die *opskrifte* tot met die eerste Afrikaanse teks gedoen en ook juis in hierdie gedeelte waar die verlossing geformuleer word: die *heilige* Doop betuig en verseël.

*Waarom het die vertalers van die jongste Afrikaanse Doopsformulier hier van die oorspronklike teks asook die Rutgers-tekse afgewyk? Dit is opvallend dat hierdie vertalers ook nog op meer plekke die beskrywing van hierdie sakrament as heilig uitgelaat het, bv. by die betekenis van die doop in die Naam van die Heilige Gees (nie meer heilige sakramente nie) (bl. 110 van Geref. Psalmboek en bl. 17 van Die Kerkboek van die N.G. Kerk) en by die oproep tot gebed waar nie meer van „hierdie heilige” instelling gepraat word nie (bl. 111 van Geref. Psalmboek en bl. 18 van Die Kerkboek vna die N.G. Kerk). Nêrens kon ons 'n motivering of verduideliking van hierdie opvallende veranderings vind nie. Dat dit nou sonder meer verkeerde veranderings is, kan seker nie gesê word nie. Maar dit is tog jammer omdat die verbindingslyn met die definisie van sakramente („heilige, sigbare waartekens en seëls”) nou in hierdie geval vir die eerste keer in die geskiedenis van die Gereformeerde Doopsformulier nie meer so duidelik is as in die

* In Januarie 1982 het die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in S.A. besluit om weer terug te gaan na die vertaling van die oorspronklike Rutgers-tekse. Hierdie boek was toe alreeds klaar gedruk.

oorspronklike teks nie. *Visee* merk op: Ons praat van *heilige sakramente*, omdat hulle nie tekens en seëls van inter-menslike verhoudinge is nie, maar van die verbond tussen God en Sy gunsgete (*Visee*, bl. 69).

7.2 Teken en seël

Deur te *betuig* kom die sakrament van die doop met 'n bepaalde teken — *water*. Dit is die teken van reiniging en afwassing van vuiligheid. So word 'n bepaalde waarheid sigbaar aan ons verduidelik: soos wat water ons liggame reinig, so reinig die bloed van Christus ons van al ons sondes.

Maar die doop is nie alleen 'n teken nie. Dit is nie slegs 'n simbool nie (soos wat Zwingli geneig was om te leer nie), maar dit is ook 'n *seël*, 'n *bewys*, 'n *versekering*. 'n Seël (bv. van 'n koning se proklamasie waarop sy seël afgedruk is) dui op die egtheid. Dit is soos 'n naamtekening onder aan 'n tjek — die sigbare bewys dat dit eg is.

Die Bybel self gebruik die begrip teken en seël om die boodskap en die egtheid van die sakrament aan te dui. In *Rom. 4:11* lees ons: „En hy (d.w.s. Abraham) het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof . . .”

Wat is dit nou wat hier *verseël* word? Die *uitverkiesing*? Die *wedergeboorte*? Die *mens* wat gedoop word?

Hier moet ons uiters versigtig wees. Nee, dit is nie die mens wat verseël word nie, maar volgens die Heidelbergse Kategismus word die *beloftes van die evangelie* verseël. Die sakramente is immers „waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die *belofte van die evangelie* des te beter te laat *verstaan* en te *verseël* . . .”

Die *BELOFTE* word verseël — die belofte van „*die afwassing van die sondes deur Jesus Christus*” soos wat dit hier in die Doopsformulier staan.

7.3 In die Naam van die Drieënige God

„*Daarom word ons gedoop in die Naam (van God), van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.*”

Weer eens het die vertalers van die jongste Afrikaanse Doopsformulier 'n verandering van die oorspronklike teks aangebring: In die Naam „*van God*” is uitgelaat. In die outentieke Rutgers-tekste van 1897 word die aandag juis daarop gevestig dat daar ruim

2½ eeue verloop het (d.w.s. tot 1897) voordat „het woord *Gods*, dat uit de oudste redactie van het Doopsformulier in den officieelen tekst weder opgenomen werd” (Rutgers, Liturgie ens., bl. 80). In die oorspronklike teks van 1580 staan dit baie duidelik (Olthuis, bl. 251).

B. Wielenga benadruk hierdie punt baie sterk: „Dat het woord „*Gods*” weer is ingevoegd volgens de oorspronklike uitgawe is niet alleen een historische eisch, maar verdient ook aanbeveling om theologische reden. Vóór de ontplooiing der *Drieëenheid* moet de *Eenheid* van het Goddelijke Wezen gesteld.” (Wielenga, bl. 41).

Die woord „*daarom*” druk die verband uit tussen die afwassing van sondes deur Jesus Christus en die Naam van die Drieënige God. Dit is nie die doop self wat betuig en verseël nie, maar God.

Uit wat verder volg blyk dit dat

die *VADER* met ons ’n *Genadeverbond* oprig

die *SEUN* ons verlos van *al ons sondes*

die *HEILIGE GEES* in ons *wil woon* ens.

7.4 In die Naam van die Vader

„As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy ’n ewige genadeverbond met ons sluit en dat Hy ons tot Sy kinders en erfgename aanneem. Daarom wil Hy ons met alle goeie dinge versorg en alle kwaad van ons afweer of tot ons beswil laat dien.”

In hierdie gedeelte vind ons weer eens afwykings van die oorspronklike teks:

i. Die „*want*” wat die aansluiting aan en die begronding in die vorige gedeelte gee, is weggelaat. Miskien is dit nie noodsaaklik dat die „*want*” daar moet wees nie, maar is dit wenslik?

ii. In plaas van die woord „*oprig*” het die moderne Afrikaanse teks die woord „*sluit*” — die genadeverbond word *gesluit*.

In die oorspronklike formulier van 1578 word die woord „*oprichet*” gebruik en dan word die twee Bybeltekste Gen. 17:4 en 1 Pet. 3:20 as verwysing daar afgedruk. Dit dui op die *oprigting* van die genadeverbond — die woord wat deur die Statevertaling en die eerste Afrikaanse vertaling (1933) in hierdie verband gebruik word. Gaan ons na die oorspronklike taal Hebreeus, dan sien ons dat dit juis die woord wat met „*oprig*” vertaal word wat in Gen. 17 gebruik word (die Hebreeuse woord „q-w-m”). Die ander woorde wat gewoonlik met „*sluit*”

vetaal word is die Hebreeuse woord „k-r-t”. (Vergelyk prof. F.N. Lion-Cachet se beskrywing van die twee woorde, bl. 22-23)

7.5 Kinders en erfgename

Deur die doop *betuig* en *verseël* God die Vader veral twee dinge aan ons: dat Hy met ons 'n *genadeverbond* oprig (of sluit) en dat Hy ons as *Sy kinders* en *erfgename* aanneem.

In die Nuwe Verbond (Testament) in die openbaring in Jesus Christus verdiep die begrip „volk van God” tot „kinders van God”. Die bede „ons God” word in die Nuwe Testament verdiep tot „onse Vader”. Dit is die *belofte* in Christus volgens *Rom. 8:17*:

„... as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus.”

'n *Erfenis* word in 'n *testament* bepaal. Daar beskryf die vader die regte van sy kind. Daar beloof die vader wat hy aan sy kinders uitdeel.

En vir God se kind is die sigbare teken en seël dat hy werklik *kind* is en dat hy werklik erfgenaam is, die *doop in die Naam van die Vader*.

Hier mag geen twyfel meer wees nie. Hier is alleen sekerheid. Hier moet kennis wees oor wat die *genadeverbond* beteken. Daaroor gee *Calvyn* aan ons 'n goeie insig.

WAT IS DIE GENADEVERBOND?

Dit is juis die Gereformeerde Doopsformulier wat die belangrikheid van God se verbond met die mens so sterk beklemtoon. Daaraan verbind God selfs Sy Naam by elke kind wat gedoop word:

„As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël God die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig . . .”

(volgens outentieke teks)

8.1 Ook juis die Gereformeerde Belydenis

Dit is 'n tevergeefse poging om by die Roomse kerk of selfs in die Lutherse teologie te gaan soek na 'n duidelike uitgewerkte standpunt oor die verbond. Ook hierin is die Gereformeerde Belydenis uniek dat die leerstukke oor die verbond sterk na vore tree. Ook by die reformatore *Bullinger*, *Calvyn*, *Olevianus*, *Ursinus* en *Guido de Brès* vind ons heelwat stof daaroor. En dan is dit veral van Calvyn van wie se standpunte ons weldra deeglik sal moet kennis neem om sodoende die Gereformeerde Doopsformulier beter te verstaan.

Opvallend is dit dat die *Nederlandse Geloofsbelydenis* en die *Heidelbergse Kategismus* juis die doop sien in verband met die verbond:

Ned. Geloofsbelydenis, art. 34:

„. . . ons glo dat hulle (die kinders) gedoop en met die teken van die verbond verseël moet word, net soos die kindertjies in Israel besny is kragtens dieselfde beloftes wat aan ons kinders gedoen is.”

Heid. Kategismus, vraag en antw. 74:

Die kinders is „net so goed as die volwassenes in die verbond van God en Sy gemeente ingesluit.”

Dordtse Leerreëls:

Hier word uitvoeriger telkens oor die verbond gespreek en wel in die weerlegging en afwysing van die algemene, voorwaardelike verbondsleer van die Remonstrante (vgl. I 17; II 2,4,5; V 1. Kyk ook die eerste deel van II nr. 8).

8.2 Verbond en testament

In die Ou Testament kom die woord *verbond* byna 300 keer voor — 'n bewys van hoe belangrik dit is. Die Hebreeuse woord is „*berieth*”.

In die Nuwe Testament is die oorspronklike woord „*diathéke*” en hier kom dit 33 keer voor.

Nou is die belangrike vraag: Waarmee word „*berieth*” in die Ou Testament en „*diathéke*” in die Nuwe Testament vertaal?

Dit is opvallend dat die Griekse vertaling van die Ou Testament, naamlik die *Septuagint* (gewoonlik aangedui as LXX = 70, afkomstig van die sogenaamde 70 vertalers van die Ou Testament uit Hebreeus in Grieks tussen 250 en 130 v.C) die woord konsekwent vertaal met „*diathéke*”.

„*Diathéke*” was in Griekeland 'n term uit die gebied van die *regswese*. Dit behels 'n reëling wat deur één party gemaak word waarby die ander party slegs die keuse het om dit te aanvaar of te verwerp (vgl. Gerhard Kittel, *Theologisch Worterbuch zum Neuen Testament*, deel 2, Stuttgart 1935). Prakties is die woord „*diathéke*” sinoniem met die Latynse „*testamentum*” = die laaste wilsbeskikking wat ook in die Afrikaanse taal as testament bekendstaan.

F.J. Pop sê in sy „*Bijbelse Woorden en hun geheim*” (sterk gebaseer op Kittel) i.v.m. die vertaling van „*berieth*” met „*diathéke*” dat die verhouding tussen Jaweh (= HERE) en Israel geen kontrak tussen twee partye is nie, maar dat dit unilateraal (= eenzijdig) is, uitgaande van God. Die Griekse woord vir 'n kontrak tussen twee ewe-belangrike partye is „*sunthéke*”, mar die LXX gebruik juis nie hierdie woord vir „*berieth*” (= verbond) nie, maar „*diathéke*” (= testament). Laat ons Pop nogeens aan die woord stel:

„De Septuaginta is te diep doordrongen van het feit, dat het oud-testamentische berith veel meer een eenzijdige wilsbeskikking Gods is, die de ander slechts kan aanvaarden of ver-

werpen, dan dat hij hier het woord *syntheke* (ooreenkomst na overleg) kon gebruikten."

Verder: „*diathéke*” = testament. Vandaar kom ons tot die benaming *Ou Testemant* en *Nuwe Testament*.

8.3 Verbond as testament by Calvyn

In die Latynse taal is daar drie woorde waarmee *verbond* vertaal word, naamlik „*testamentum*”, „*foedus*” en „*pactum*”. In kort kan ons volgens die beste woordeboeke (waaronder die gesaghebbende Lewis en Short) die verskillende betekenisse soos volg aandui:

Testamentum:

Dit hou verband met die woord „*testor*” = getuie, iemand wat bewyse gee. Dit het ook te doen met „*testamonium*” = getuienis, attestasie (vgl. die Engelse woord „*testimony*”).

Testamentum = die publikasie van iemand se laaste wilsbeskikking, m.a.w. ’n testament. Dit is ’n publieke getuienis en dit is unilateraal (eensydig) van die kant van die testamentmaker af. Hy maak hierdie testament sonder vooraf raadpleging of ’n ooreenkoms met die ander „*party*” of erfgenaam.

Foedus:

Dit is ten eerste ’n term uit die politieke wêreld. Dan het dit uit en uit die betekenis van *verdrag*, *ooreenkoms*, *kontrak*, *bondgenootskap*. Hier is die strekking duidelik bilateraal (tweesydig) tussen twee partye. Dit geskied na beraadslaging en ooreenkoms. Later kry die woord „*foetus*” ook sakrale betekenis as dit aangewend word om die verbond tussen die gode en die mense aan te dui. Reeds in die 3de eeu vind ons die woord op christelike erf. Tertullianus, skepper van Latyn as kerktaal en Novatianus, presbiter van Rome en bekend vanweë ’n skisma oor die tug, gebruik reeds die woord „*foedus*” vir verbond.

Pactum:

Dit is ’n wettige ooreenkoms of kontrak tussen twee of meer partye. Dit kan bv. ’n verdrag tussen lande wees; vgl. die Engelse „*pact*”, bv. „*Warsaw pact*”.

En as Calvyn nou sy Institusie gaan skryf, watter een van hierdie woorde vir verbond gaan hy gebruik? Hy skryf naamlik in Latyn.

In die 1536-uitgawe word „testamentum” meer as 20 keer vir verbond gebruik en „foedus” slegs twee keer. „Pactum” word hier glad nie gebruik nie. In die latere uitgawes kom die woorde „foedus” en „pactum” vir die verbond wel na vore (waarskynlik vanuit Calvyn se regsagtergrond en onder invloed van iemand soos Bullinger), maar die begrip „testamentum” geniet steeds by verre die voorrang, bv. in die 1559-uitgawe van die Institusie (ongeveer vyf maal groter as die eerste uitgawe) word „foedus” ongeveer 50 keer gebruik en „testamentum” 170 keer! „Pactum” kom dan slegs 15 keer voor.

Wat vertel hierdie ietwat vervelige statistieke aan ons? Dit is naamlik dat die betekenis vir God se verbond by Calvyn baie sterk in die betekenis van *testament* staan.

So kan selfs ’n kind die verbond verstaan: God is die testament-maker en ons is as kinders die erfgename.

8.4 Verbond as testament in die Nagmaalsformulier

Vir meer as vier eeue het die Gereformeerde Doopsformulier en die Gereformeerde Nagmaalsformulier hand aan hand ’n verenigde front teen dwalings en ketterye met die sakramente gevorm. Saam het hulle uit die branding van die Reformasie gekom. Saam het hulle die storms van die tyd getrotseer. Saam is hulle gebou op die vaste fondamente van die Skrif en die Gereformeerde Belydenis. Aan altwee kleef nog die reuk van martelaarsvure.

Saam sou ook hierdie formuliere die verbond van God duidelik voorop stel.

Terwyl ons besig is met die Doopsformulier, kom die vraag onwillekeurig op: Wat sê die *Nagmaalsformulier* van die verbond?

In kort: Volgens die Nagmaalsformulier is die *genadeverbond* en die *nuwe testament* sinoniem. Hy praat van „die nuwe en ewige testament, die verbond van die genade” (bl. 123, Psalmboek).

Daarby word direk by die Heilige Skrif aangesluit as 1 Kor. 11:23-29 aangehaal word, o.a. : „Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed . . .”

(Terloops : Waarom is daar by die nuwe Afrikaanse vertaling so sterk met die snoeimes t.o.v. die begrip *testament* gewerk dat dit slegs by vier plekkke as ’n vertaling van „diathéke” oorgebly het? Was dit ’n toegewing aan die oorheersende „foedus”-begrip wat veral vanaf die 17de eeu so sterk na vore getree het sodat daar naderhand selfs ’n „foederaal-teologie” ontstaan het? Die feit bly

staan dat die oudste Latynse vertalings (toe Latyn nog gepraat is) die begrip „testamentum” baie sterker gebruik het. In die Vulgata (Latynse vertaling in 4de eeu) is laasgenoemde konsekwent in die Nuwe Testament gebruik. Selfs die Afrikaanse „verbondsark” in Openb. 11:19, is in die Vulgata „arca testamenti”.

Die kerkvader *Hieronimus* se uitspraak is uiters belangrik:

„Terwyl ons in die Grieks (bedoelende hier die Nuwe Testament) ‚testamentum’ lees, is daar vir die Hebreeuse taal (bedoelende hier die Ou Testament) foedus en pactum en dit stem ooreen met ‚berieth’ (vgl. die standaard Latynse Woorde boek „Thesaurus linguase Latinae”, Stuttgart — nog steeds in wording).

Teen hierdie agtergrond, naamlik dat die begrip verbond vir die reformatore juis ook *testament* is, verstaan ons dan die volgende uitdrukking in die Doopsformulier:

„As ons in die Naam van die Vader gedoop word, dan betuig en verseël God die Vader aan ons dat Hy ’n ewige *genadeverbond* met ons oprig en dat Hy ons tot Sy *kinders* en *erfgename* aanneem.”

8.5 Ander belangrike uitsprake van Calvyn

Om die huidige Doopsformulier te verstaan, moet ’n mens die pad terugloop tot die Gereformeerde Doopsformulier wat Calvyn in Straatsburg in 1541 opgestel het. En om daar weer duidelikheid oor sy verbondsoopvatting te kry, moet ons ook sy ander geskifte gaan lees. Dit bring ons by enkele belangrike aspekte wat ons moet uitlig om as duidelike bakens te kan dien:

(Aanhalings volgens die Versamelde Werke van die Reformatore, naamlik „Corpus Reformatorum”, Brunswick 1863-1900, afgekort as CR met die deel en kolom.)

8.5.1 Die eenheid tussen die Ou- en Nuwe Testament (verbond)

Calvyn het baie vroeg in sy reformasiewerk besef dat om die verbond reg te verstaan, moet ’n mens die Skrif reg verstaan. Om die verbond te verduidelik, moet jy eenvoudig begin om die Skrif te verduidelik.

Alreeds in die 1539 uitgawe van die Institusie wy hy ’n hele hoofstuk aan die *ooreenkoms* en *verskil* tussen die Ou- en Nuwe testamente.

Hierdie saak is vir hom so belangrik dat hy sy gedagtegang

verder ontwikkel sodat dit in die 1559 uitgawe twee hoofstukke word.

Wat nou hier besonderlik opval is dat die begrippe *testament* en *verbond* vir Calvyn deurgaans *identies* is.

Sy uitgangspunt in sy eie woorde is die volgende:

„Die verbond met al die vaders (O.T.) verskil in wese en saak in die geheel nie met die verbond met ons (N.T.) nie, maar is dieselfde. Alleen die bediening verskil”.

Hierdie *eenheid* (gelykheid) tussen die Ou- en Nuwe Testamente bestaan vir Calvyn dan in drie dinge: *Ten eerste* dat die *basis* dieselfde is, naamlik God se genade in Jesus Christus; *ten tweede* dat die *beloftes* van die ewige lewe dieselfde is en *ten derde* dat daar slegs één Middelaar is, naamlik die Messias, die Christus (Institusie, II, x,2).

Daar is in werklikheid nie twee *verbonde* nie, maar twee *bedienings* van dieselfde verbond. Ons kan ook praat van twee *fases*. Die *verskil* lê dus nie in die *inhoud* („substantia” is die Latynse woord wat Calvyn gebruik) nie, maar in die twee *wyses* waarop dit bedien word. Dit is ’n verskil van „modus”. Hierdie *verskil in die manier van bediening* in die Ou- en Nuwe Testamente, maak Calvyn in vyf punte duidelik:

- i. In die Ou Testament manifesteer God die hemelse erfenis hoofsaaklik in aardse seëninge.
- ii. In die Ou Testament „word slegs ’n beeld van ’n skaduwee van die liggaam gesien, terwyl die Nuwe Testament die aanwesige werklikheid en die ware liggaam vertoon” (II,xi,4).
- iii. Daar is ’n verskil tussen die *wet* wat „’n letterlike leer” genoem word en die *evangelie* wat die „geestelike leer” genoem word. Dit is egter nie ’n verskil van inhoud nie, maar van graad.
- iv. Die Ou Testament is ’n testament van diensbaarheid en die Nuwe Testament is ’n testament van vryheid. Calvyn baseer dit op Romeine 8:15 en Galasiërs 4:22.
- v. Die Ou Testament implementeer die verbond met één volk, naamlik Israel, maar die Nuwe Testament bedien dit tot alle volke tot wie die evangelie kom.

Om nou die *eenheid* en die *onsekerheid* tussen die Ou- en Nuwe Testamente te handhaaf, wys Calvyn dan verder daarop dat ons baie ernstig moet rekening hou met die *tyd*, die *plek* en die *volk* in die Skrifopenbaring (Latyn: „temporum, loci gentis conditione”).

8.5.2 Alles in Christus

Vir Calvyn staan Christus altyd in die sentrum van die verbond. Hy sê dat die verbond in Christus begin is (CR 50:213). In Hom het ons 'n ewige verbond (CR 40:397). Christus skenk die krag van die Heilige Gees waardeur ons die verbond se verpligtinge nakom, anders was die verbond tevergeefs (CR 41:617). In die verbond is Christus ons Leier (CR 26:242, 27:39, 40, 36:378).

Alreeds in die heel eerste uitgawe van die *Institusie* (1536) stel Calvyn die plek van Christus so sentraal dat hy op grond van 2 Kor. 1:20 sê: „Dit (is) gewis en seker dat geen belofte van God al ooit aan die mens gemaak is behalwe in Christus nie” (Vertaling deur H.W. Simpson, 1980, bl. 233).

8.5.3 Verbond uit genade

Calvyn noem Christus ook die *fondament* van die verbond. Dit is 'n verbond *uit genade*. Dit sê hy baie duidelik in sy verklaring van Gal. 3:16: „Indien Christus die fondament van die verbond is, dan volg daaruit dat dit onverdiend en uit genade is”.

Let daarop dat Calvyn nie praat van die verbond *van* die genade nie, maar uit die genade. Saaklik beteken dit seker dieselfde, maar dit is juis in hierdie verband dat dit opmerklik is dat Calvyn selde die uitdrukking „foedus gratiae” (= verbond van genade) gebruik, maar meestal „foedus gratiutum” (= verbond uit genade).

8.5.4 Belofte en eis

Voortdurend beklemtoon Calvyn die feit dat die verbond uit *beloftes* bestaan, maar dat daar ook bepaalde *eise* gestel word.

God gee nie alleen in Sy verbond *beloftes* nie, maar Hy *vra* ook *gehoorsaamheid*.

Sonder hierdie gehoorsaamheid in die verbond, beteken die beloftes niks. Aan die beloftes is volgens Calvyn *voorwaardes* verbonde (Latyn: „conditiones”) (CR 26:532, 524). Hy stel dit selfs so sterk dat Christus ons aanneem op voorwaarde, dit is met die belofte dat Hy ons sal regeer deur Sy Heilige Gees (CR 28:514).

Hierdie voorwaarde kan ons egter nie uit onself nakom nie, maar alleen deur die geloof wat die *gawe van God* is (CR 51:165).

Calvyn sê baie duidelik dat die verbond nie van die geloof van die volk afhang nie (CR 38:202).

Nietemin, die geloof is die vernaamste diens wat God van ons vra (CR 52:227). Daarom lê Calvyn voortdurend so 'n sterk

nadruk op ons roeping, ons geloof en ons liefde. Die beloftes moet beantwoord word, al is die antwoord ook alles God se genade. Jy as mens word verantwoordelik gehou. Al beweer iemand duisendmaal dat hy God liefhet, is dit alles ydelheid as sy hele lewe nie daaraan beantwoord nie (CR 29:59, 38:100 e.v., 25:29, 41:135).

Ons kan dit so verstaan: die beloftes van die verbond realiseer langs die pad van gehoorsaamheid aan God.

In die *Gereformeerde Doopsformulier* kry ons dan ook die duidelike refrein van hierdie eis van gehoorsaamheid in die verbond as dit sê:

„Aangesien daar in alle verbonde twee dele is, daarom word ons ook weer van Godswē deur die Doop vermaan en verplig tot 'n gehoorsaamheid” (Volgens die eerste Afrikaanse vertaling. Die nuwe Afrikaanse vertaling het hier 'n slordige fout: die „dele” (d.w.s. die belofte en eis) word verander in „kante” en die voorsetsel „,deur”, is verander na „in”. Ons kom later hierop terug).

8.5.5 Twee soorte kinders van die verbond

Calvyn sê dat die geloof skeiding maak tussen twee soorte seuns (van die verbond), die geestelike en die vleeslike seuns (CR 23:350). Hy onderskei selfs tussen twee soorte uitverkorenes, want daar is volgens hom 'n *tweërlei verkiesing*. In sy kommentaar oor *Esegiël 16:21* lees ons die volgende:

„Ons sien dus dat daar tweërlei verkiesing is omdat Hy (d.i. God) die hele geslag van Abraham in sy geheel uitverkies het. Hulle het almal die besnydenis gemeenskaplik gehad en dit was vir hulle 'n teken en onderpand van die aanneming. Aangesien God alle kinders van Abraham van die kleinste tot die grootste wou laat besny, het Hy hulle ook tegelyk tot Sy kinders verkies: dit was die één soort verkiesing gewees. Die ander was verborge, omdat God uit die menigte die wat Hy wou, uitgekies het: en hulle is kinders van die belofte, die oorblyfsel volgens die verkiesing van genade soos wat Paulus daarvan spreek in Rom. 11:9.”

Calvyn spreek ook van *algemene* en *besondere aanneming* van kinders (Verklaring van Gen. 25:23) en van *algemene* en *besondere* roeping (Institusie, III, xxi, 7 en xxiv, 8).

Calvyn *beperk* dus *nie* die verbond tot uitverkorenes alleen nie. In sy verklaring van Rom. 9:6 sê hy dat God Sy verbond nie minder by Ismael as by Isak verseël het nie.

'In 'n preek oor Deut. 23:7 e.v. leer hy dat daar *twee soorte verbondskinders* is. Daar sê hy dat Ismael en Esau die seën van die verbond verwerp het.

So kry ons dan onder die verbondskinders hulle wat die verbond *verbreek* of dit vernietig deur hulle ongehoorsaamheid (CR 38:687). As verbondsbrekers verwerp hulle die verbond en maak dit ydel (CR 38:690).

Die *verbondsbrekers* word ook deur Calvyn hipokriete (= hui-gelaars, skynheiliges) genoem solank as wat hulle nog onder die verbondskinders is (CR 42:331). Die hipokriete kan onder die lede van die kerk vermeng wees omdat hulle nie aan die kaak gestel word nie of omdat die tug nie oor hulle toegepas word nie (Institu-sie, IV, i,7). Hulle is die mense met hulle skynheilige „mooi ma-niere” („belles mines”, CR 26:287) wat God se beloftes misbruik (CR 28:466).

Dit is om hierdie rede — dat daar hipokriete in die gemeente is — dat Calvyn so sterk aandring dat elkeen sy/haar lewe moet ondersoek. By elke gelowige is daar selfs 'n wortel van skynheilig-heid (CR 41:522).

Voorts lê Calvyn ook sterk nadruk op die *voorbereidingspredi-king* voordat die *Heilige Nagmaal* gebruik word (CR 51:578 en 591).

Die verbond moet bewaar word, want buite die verbond — so sê die Geneefse Hervormer — is die mense soos wilde diere wat oor die berge en deur die woude swerf (CR 23:237). Maar binne die verbond kan God se kinders veilig wees soos Sy kudde (CR 29:723).

8.5.6 Die vloek oor verbondsbrekers

Calvyn benadruk dit dat die verbondsbrekers die vloek van die verbond kan verwag. Ongehoorsame verbondskinders wat die be-loftes verwerp dra in die teken van die verbond (in die O.T. die besnydenis en in die N.T. die doop) reeds die teken van die ver-doemenis (CR 52:21. Vgl. ook 25:459). As hulle hul nie bekeer nie, gee God hulle oor aan die satan (CR 26:433). Hy neem hulle weg uit die getal van Sy skepsels (CR 28:532).

Vir die ongehoorsame verbondskinders wat hulle nie bekeer nie, beteken die verbond volgens Calvyn dus *dreiging* (CR 38:107) en *uitbanning* (CR 51:365).

Maar juis daarom moet die prediking van die evangelie so dring-

end noodsaaklik tot hierdie verbondsbrekers kom: hulle moet terugkeer na die verbond! Tot op die laaste moet aan hulle verkondig word dat God wonderlike beloftes aan hulle geskenk het uit genade. Hulle moet dit nie verag nie. Hulle moet dit nie verwerp nie, want dan kom God se verbondswraak oor hulle.

Dit is nie God wat Sy verbond verbreek nie, nee, „al Sy beloftes bly van krag tot in die duisendste geslag . . .” (Ps. 105:5, berymd).

So kan gedoopte kinders tog ongehoorsame kinders word — verlore kinders, maar tog *kinders*. Selfs in die gelykenis van die ryk man en Lasarus spreek Abraham die ryk man steeds aan as „kind”, selfs as hierdie ongehoorsame mens alreeds in die verdoenis is (Luk. 16:25).

En die verlore seun bly steeds die vader se seun, net so seker — so sê Calvyn — as wat ’n verlore skaap ’n skaap is en bly. Hy sê voorts dat Christus selfs aan die verworpenes die naam van skape gee omdat die prediking tot die hele volk kom (Vergelyk Calvyn se verklaring van Matt. 10:6 „ . . . gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel”).

Dit is nou met hierdie Genadeverbond waarmee die heilige doop alles te maak het.

Met die heilige doop het God Sy verhouding met Sy verbondskind bepaal.

Daarmee het Hy Sy verbond amptelik beseël en bekragtig.

Daarmee het Hy die sigbare bewys van Sy beloftes gegee.

Dit was God se daad.

Hy het Sy Naam daaroor uitgeroep.

Daarmee het God bewys dat Hy na ons toe gekom het.

Dit is nie ’n bewys dat ons na Hom toe gegaan het, dat ons sulke goeie mense is nie . . .

Dit is nie ’n bewys van ons geloof nie en Sy beloftes is ook nie afhanklik van ons nie.

Nee, jou doop — dit is God se offisiële dokument van Sy testament (verbond) waarin Hy belowe dat jy Sy erfgenaam is.

Hoe gaan jy nou verder met hierdie testament werk? Laat rondlê? Verwaarloos? „ . . . daarom word ons ook weer van Godswêë deur die Doop vermaan en verplig tot ’n nuwe gehoorsaamheid”.

ONS DOOP DIE REGUITPAD NA GOD

In sy preek oor Efesiërs 4:1-5 het Calvyn 'n merkwaardige ding gesê:

„Die doop is die reguitpad na u God” (Le Baptême nous conduit droit à Dieu — CR 51:528)

In 'n ander preek (oor 1 Kor 10:1 — 5) sê hy weer dat die sakrament soos 'n leer is om ons tot in die hoogte te bring. Ons is te lomp en te swaar en sal ons nek breek as ons dit sonder die sakrament probeer doen (CR 49:587).

9.1 God se pad na ons

Die reguitpad lê vir die gedoopte oop na God.

Daar is 'n leer waarlangs ons kan opklim na die hoogte.

Maar dit is alles God Self wat hierdie dinge doen.

God gee die doop.

God bevestig Sy Woord.

God gee Sy beloftes.

Hy maak die pad oop . . . deur die sigbare Woord — die doop.

En Hy doen dit met Sy kind — hoe klein en nietig en swak daardie kind ook al mag wees en sonder dat daardie kind nog een enkele iets vir God gedoen het.

Dit is alles God se genade — 100 % die vrye, soewereine genade van 'n almagtige God wat sy „grondelose barmhartigheid” (die woorde in die outentieke teks van die formulier) aan Sy verbondskind bewys.

En al kan hierdie kind nog nie eens die preek van die dominee verstaan nie. Al is daardie oortjies van die klein kindjie nog nie in staat om die woorde van die Evangelie van die kansel op te vang en met die verstand te verwerk nie, is dit tog *God se kind*.

Dit gaan Hy dan ook sigbaar bewys. Hy gaan die offisiële waarborg en sekuriteit van Sy kant af voor baie getuies gee. Die hele gemeente kan dit sien.

Die kind se naam word self uitgeroep. Die kind word direk aangespreek en wel in die NAAM van die Drieënige God. Dit was Christus se bevel (Matt. 28:19).

Soos by 'n wettige dokument gee God as't ware sy naamtekening.

Daarop borduur die Doopsformulier voort:

As ons in die Naam van die Vader gedoop word . . .

As ons in die Naam van die Seun gedoop word . . .

As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word . . .

9.2 In die Naam van die Seun

As ons in die Naam van die *Vader* gedoop word, het ons die bewys en versekering dat God ons ingetrek het in die geweldige saak van Sy *verbond*. Die doop is as't ware vir elke gelowige die „kwitan-sie” dat hy of sy die erfgenaam van God se ewige testament is.

En God hou Sy verbond van geslag tot geslag:

„Die Heer wat van geen wankel weet nie,

sal nimmer sy verbond vergeet nie;

al sy beloftes bly van krag

tot in die duisendste geslag.

Verbond met Abraham, sy vrind,

bevestig Hy van kind tot kind.”(Ps. 105:5)

Maar hoe lyk nou die erfenis van hierdie verbond of testament?

Dit kan saamgevat word in veral twee dinge: die *verlossing* deur Jesus Christus en die *verheerliking* deur die Heilige Gees.

„As ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy met Sy bloed al ons sondes afwas . . .”

Meteen word die doopbak verbind met die kruis op Golgota.

En die water vertel van die bloed van Christus.

Reeds op die Pinksterdag roep die apostel Petrus die toehoorders op om hulle te laat doop „*in die naam van Jesus Christus*” (Hand. 2:38).

In Hand. 8:16 lees ons van die Samaritane wat gedoop is „*in die naam van die Here Jesus*”.

In Hand. 19:5 word vertel hoe dat Paulus die mense in Efese gedoop het „*in die Naam van die Here Jesus*”.

Wat beteken dit nou om met die bloed van Christus gewas te word?

Die eerste opsteller van die Gereformeerde Doopsformulier, naamlik Datheen in Frankenthal in 1566, het hierdie woorde direk uit die Doopsformulier van die Paltz oorgeneem („dieselbige mit seinem Blut abgewäshen . . .”).

En hierdie woorde (met Sy bloed afwas), kom weer direk uit die

Heidelbergse Kategismus in Sondag 26. Daar word die vraag dan ook gevra wat dit beteken om met die bloed van Christus gewas te word?

„Dit is om van God vergewing van sondes uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offerhande aan die kruis vir ons vergiet het . . .”

Let op dat die Doopsformulier nie in die toekomstige tyd praat nie, maar in die *teenwoordige tyd*! Hy sê nie dat die doop ’n belofte is dat Christus wel eendag in die toekoms jou nog van jou sondes sal was nie maar Hy gee hier en nou die versekering:

Ek was jou van al jou sondes.

Ek vergeef jou al jou sondes.

Hiervan is die doop dwarsdeur jou lewe ’n blywende bewys. Jy is in die Naam van die Seun gedoop. Die Seun gee feitlik Sy naamtekening, Sy waarborg, Sy sekuriteit: Aan die kruis het Ek my bloed vir jou gegee en elke dag kan jy daaraan vashou.

En Christus verbind selfs Sy Persoon aan die gedoopte. Om in Sy Naam gedoop te word beteken ook „*dat Hy ons in die gemeenskap van sy dood en opstanding inlyf.*”

Dit beteken heel eenvoudig dat Christus Homself so met ons verbind, dat ons één liggaam met Hom word — Hy die Hoof en ons die lede. Om hierdie rede word ons as lidmate van Sy gemeente gedoop. Ons is nie maar ’n los klomp individue nie, maar ons word as lidmate van die kerk gedoop.

Die *verseëling* in die Naam van die Seun beteken ook nog ten slotte dat ons deur God ter wille van Christus vrygespreek is van al ons sondes. Hy verklaar ons regverdig. Die formulier van die Paltz sê onder hierdie punt (in die Naam van die Seun) dat Hy ons met Sy geregtigheid bekleed het („mit seiner gerechtigkeit bekleidet”).

Die belofte van vryspraak en onskuldigverklaring gee Christus alreeds Self by die doopbak.

9.3 In die Naam van die Heilige Gees

„Desgelyks, as ons gedoop word in die Naam van die Heilige Gees, dan verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige Sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus besit, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uit-

verkorenes in die ewige lewe onbevlek sal word.” (Ou Afrikaanse vertaling)

Met opset neem ons hier die ou Afrikaanse vertaling omdat dit nader aan die outentieke teks is.

Soos die Vader en die Seun, kom die Heilige Gees ook tot die verbondskind met besondere beloftes. Hy *verseker* ons daarvan. Hy gee Sy woord — Sy sigbare Woord, die *heilige* sakrament. (Onverklaarbaar dat die nuwe Afrikaanse vertaling hier soos ook elders die woord „heilig” uitgelaat het). Die oorspronklike teks van 1578 het ook nog die woorde „door sijnen Dienaar” hierin.

Heel eerste word die inwoning van die Heilige Gees hier beloof. Dit sien direk op die vrug van Christus se verlossingswerk, naamlik die uitstorting van die Heilige Gees met Pinkster (Hand. 2).

Ook hier sien ons die noue band tussen die Doopsformulier en die Heidelbergse Kategismus waar die gelowige bely dat die Heilige Gees „ook aan my gegee is om my deur ’n ware geloof Christus en al Sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by my te bly.” (Sondag 20)

Hiervan is die doop ’n versekering.

En hierdie inwoning van die Heilige Gees in die verbondskind is allernoodsaaklik. Daarsonder sou wedergeboorte, bekering, geloof, liefde, ens. onmoontlik wees.

Alleen deur Hom word ons „Christus en al Sy welddade deelagtig”.

Alleen Hy kan ons troos (met God se Woord).

Alleen Hy maak die erfenis van die verbond ’n werklikheid.

Alleen Hy gee aan ons die eiendomsreg op „wat ons in Christus besit, naamlik die afwassing van die sondes en die daaglikse vernuwung van ons lewe . . .”

As die Heilige Gees op ’n mens beslag lê, as Hy in ons kom woon, dan word so ’n mens gesien as iemand wat as ’n lidmaat van Christus geheilig word.

Twee weldade van Christus word hier verbind: Die Heilige Gees woon in die verbondskinders en hulle is dan ook meteen lidmate van Christus.

So maak die Heilige Gees die gelowige se lewe hier op aarde hoogs aktief.

Hy *verseker*. Ons het die sigbare bewys van ons doop:

Jou sondes word afgewas . . . die Woord vertel dit.

Dag vir dag word jou lewe nuutgemaak . . . met die Woord.

En hierdie proses sal aanhou, *totdat* . . . „ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe onbevlek gestel sal word.”

Die nadruk val hier baie sterk op die woord *onbevlek*.

In hierdie aardse lewe is ons nog steeds — al is ons kinders van God — bevlek, d.w.s. sondig. Ons moet selfs daaglik vernuwe word. Maar ons gaan tog vooruit na die punt waar alle vlekke uiteindelijk sal wegval. En op daardie pad na die „gemeente van die uitverkorenes” is die lidmate van die gemeente hier die pelgrims van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees verseker . . . Die silhoeët van die Nuwe Jerusalem word alreeds by die doopbak deur die geloof gesien.

DIE TWEE DELE VAN DIE VERBOND

„Ten derde, aangesien daar in alle verbonde twee dele is, daarom word ons ook van Godswêë deur die Doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid, naamlik dat ons hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, moet aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele gemoed en met al ons kragte, dat ons die wêreld moet versaaak, ons oue mens moet kruisig en in 'n godsalige lewe moet wandel.” (Ou Afrikaanse vertaling)

10.1 Die eerste fout van die nuwe Afrikaanse vertaling

In die nuutste vertaling wat deur die drie Afrikaanse kerke aanvaar is, word *dele* met *kante* vertaal.

Dit is nie alleen 'n afwyking van die oorspronklike teks nie, maar ook 'n verandering van die betekenis.

In die oorspronklike formulier van 1578 (die oudste teks van die huidige Gereformeerde Doopsformulier) staan dit letterlik soos volg:

„Maer ouermids dat in allen verbonde twee deelen begrepe zijn . . . ens.”

Die Duitse Formulier van die Paltz van 1563 gebruik die woord „theil”.

Ook die onverkorte oorspronklike formulier van Datheen van 1566 gebruik volgens Olthuis die woord „deelen”.

Die bekende Rutgerstekes van 1897 (vir die Gereformeerde Kerk in S.A. die outentieke teks en waaruit die oudste Afrikaanse vertaling kom) gebruik ook die woord „deelen”.

Vanwaar kom nou die gedagte om hierdie *dele* met *kante* te vertaal?

Dit spruit uit die opvatting dat *dele* nie meer gesien is as dele van die verbond nie, naamlik *belofte* en *verpligting* nie, maar as *partye*. Die een party is dan God en die ander party die mense.

Onses insiens het die bepaalse voetnoot in die Rutgerstekes van

1897 hierdie opvatting van *partye* geloods waarin beweer word dat *dele* moet opgevat word as *partye*. Hierdie standpunt word gehuldig op grond van 'n sinsnede in die ou *onverkorte* Doopsformulier van 1566 waar gepraat word van die „twee deelen” wat „zich met malkanderen verbinden, zoo belooven wij ook Gode . . . ens.”

Gaan lees ons egter weer die oorspronklike *verkorte* formulier van 1578, dan sien ons dat daar nogal 'n veelseggende wysiging plaasgevind het: ten eerste word daar nie meer gepraat van wat ons aan God belof nie en ten tweede is die tydsvorm van die aktiewe na die passiewe verander. M.a.w. die aktiewe „beloof dat” is verander in 'n passiewe vermaan en verplig word. Deur hierdie verandering het die manne van die Reformasie die *monopleuriese* (= eensydige) karakter van die verbond gehandhaaf. Hier is geen sprake en selfs geen moontlikheid van 'n gedagte dat twee partye met mekaar 'n verbond opgerig het nie, maar dit is God ALLEEN wat dit oprig en dit is God alleen wat die grondslag vasstel en die hele verdere verloop en huishouding van hierdie verbond reël.

God *beloof* nie alleen nie, maar Hy bepaal ook die voorwaardes en verpligtinge wat die verbondskind moet nakom.

Hy verplig Homself en ons.

As die Doopsformulier dan praat van die twee dele van die verbond, sien dit op die belofte en die verpligting.

God gee die belofte en God vra die verpligting.

Inderdaad: die verbond bestaan nie slegs uit een deel nie; nie slegs belofte nie, maar ook verpligting.

Nou is dit so dat die beloftes vervul word op die pad van gehoorsaamheid. Sonder die antwoord hang die belofte in die lug.

Sonder die aanvaring daarvan bly dit 'n stuk teorie.

Sonder geloof dat die beloftes eg en waar is en vir die verbondskind bedoel is, is die godsdiens betekenisloos.

Daarom word ons soos wat die formulier sê van Godswêë vermaan en verplig tot gehoorsaamheid.

(Oor die hele kwessie van dele of partye kan ons o.a. verwys na die diskussies in De Reformatie van 27 Nov. 1937 en 21 Jan. 1938 asook na J.G. Woelderink se Het Doopsformulier, 's-Gravenhage 1946, bl. 316 e.v.)

10.2 Die tweede fout van die nuwe Afrikaanse vertaling

'n Voorsetsel speel in 'n taal 'n baie belangrike rol. So het die vertalers van die Gereformeerde Doopsformulier in die nuutste offi-

siële vertaling wat in 1973 goedgekeur is die voorsetsel „deur” wat ooreenkom met die oorspronklike teks, gaan vertaal (of liever verander) na „in”.

In die outentieke teks staan daar dat „wij ook weder van God door den Doop vermaand en verpligt . . . ens.” word. Maar in die nuwe Afrikaanse vertaling staan daar dat ons *in* die Doop vermaan word ens.

Ons vestig die aandag op hierdie woordjie „in”.

Die Doop is nou nie meer instrument van God „om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël” nie (Heidelbergse Kategismus, Sondag 25), maar God werk nou „in” die sakrament.

Hierdie gedagte van God se werking *in* die sakrament bring ons baie naby aan die *Lutherse standpunt*: Soos wat vuur yster deur-trek, so gaan die Goddelike krag in die water van die doop in en daardeur ontvang die doop die krag om die wedergeboorte te werk. Hier verwys ons spesifiek na H. Bavinck se uiteensetting in die 4de deel van sy bekende Dogmatiek op bl. 555 (Kampen, 1911).

In sy preek oor die Doop („Sermon von der Taufe”) gebruik Luther hierdie bogenoemde beeld van die vuur wat die yster deur-trek. Deur die goddelike Majesteit word dit heeltemal vergoddelik („durch die göttliche Majestät ganz durchgöttet”). In ’n ander geskrif leer Luther ook dat die Woord van God ondergedompel word in die water („verbum Dei cum mersione in aquam” — Bavinck, *ibid.*).

Hierdie „in die doop deur God vermaan en verplig . . . ens.” van die nuwe Afrikaanse vertaling bring dus vanuit gereformeerde oogpunt ’n gevaarlike gedagte na vore.

Die maklikste manier om weer alle misverstand op te ruim is heel eenvoudig: Bring die voorsetsel „deur” weer terug in die plek van die „in”. Bly getrou aan die oorspronklike teks van die Doopsformulier.

10.3 Die nuwe gehoorsaamheid — die wet in Christus

Die nuwe gehoorsaamheid vertel van die nuwe lewe in Christus. Die kind van God het ’n nuwe mens geword. Hy dien nie meer die duiwel nie en hy is nie meer gehoorsaam aan die ou sondige natuur en drifte nie, mar nou het hy ’n nuwe lewe in Christus.

„As iemand in Christus is, is hy ’n nuwe skepsel; die ou dinge

het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.” (2 Kor 5:17)

Hierdie nuwe gehoorsaamheid kom duidelik na vore in die lewe van Paulus na sy bekering op die pad na Damaskus. Voor hierdie tyd het hy ’n ander soort gehoorsaamheid nagestreef. Toe het hy geleef vanuit ’n wettiese beginsel. Dit was ’n begeerte om homself te regverdig. Hy soek homself deur eie geregtigheid.

Maar na Damaskus toe het Paulus ’n nuwe gehoorsaamheid nagestreef. Dit is om te leef uit die beginsel van die genade wat in die verbond aan ons beloof word. Daarom praat ons van die genade-verbond.

En wat is nou hierdie nuwe gehoorsaamheid waartoe God elke gedoopte verplig? Dit is om Hom bo alles lief te hê en te dien. „Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte” (nuwe vertaling).

Die getroue Bybelleser sal dadelik agterkom dat die Doopsformulier hier aansluit by die weg soos wat Christus dit vir ons in Matt. 22:37 e.v. geleer het: „Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart . . . ens.”

Die Tien Gebooie kon ook hier gëgee gewees het waarvolgens (nie waaruit!) die nuwe gehoorsaamheid moet gerig word. Maar die formulier sê in soveel woorde: dit gaan nie maar net om hierdie of daardie gebod sonder meer nie maar om die hele wet wat saamgevat word in die enkele woorde van Christus: Jy moet liefhê . . .

Nie ten eerste die negatiewe moenie dit of moenie dat nie, maar positief: Jy moet liefhê met volle oorgawe.

Om God waaragtig lief te hê is nie ’n mistieke aandoening van die gevoel nie, maar Hom vertrou en liefhê met jou hele hart.

Om God te vertrou, = om nooit in Hom en Sy beloftes te twyfel nie.

Met ons hele siel, d.w.s. liefhê en aanhang en vertrou met al ons wil en begeertes. Met ons hele verstand, dit is dat ons met ons hele denkkrag ten volle ons konsentreer op God.

Met al ons kragte: dit is om God lief te hê met alles wat ons kan en besit, ook met ons hande en voete.

Alles maak die doop vir God se kind iets geweldigs, selfs verskriklik. Maar die nuwe mens is die wedergebore mens in Christus, die verlose mens wat daagliks kom onder die tug van die Heilige Gees.

Ook die nuwe gehoorsaamheid kan die mens nie uit homself nakom nie.

Hier kan geen selfverheffing wees nie, maar deur God se genade alleen selfverloëning en kruisdra. Die oue natuur — soos wat die formulier sê — moet gekruisig word, d.w.s. doodgemaak word.

As God ons dan *deur* die doop vermaan en verplig . . . dan is dit per slot van rekening 'n verpligting om die pad agter Jesus Christus aan te loop.

„As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg” (Matt. 16:24).

10.4 Die verbond ons troos as ons in sonde val

„As ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in sondes bly lê nie: die doop is immers 'n seël en onbetwisbare getuienis dat ons 'n ewige verbond met God het.”

Die Gereformeerde Doopsformulier is besonder realisties. Hy besef dat daar vir die gelowige op hierdie aarde nie 'n staat van perfeksionisme bestaan nie. Hy weet so goed uit die Skrif en uit die lewenservaring dat God se verbondskinders nie volmaak en sondeloos is nie en dat die hele lewe 'n harde stryd teen die sonde is.

Met droefheid moet die verbondskind telkens weer beleef dat hy „uit swakheid in sondes val . . .”

Maar die feit bly staan: Jy is kind van God. Al hang die voddas van die varkhok aan die verlore seun, bly hy nog deur alles heen kind van sy vader.

Dit is komplete asof die Doopsformulier hierdie belofte inhamer: Moenie aan die genade van God twyfel nie . . . moenie in die sondes bly lê nie . . . staan op! „Ek sal opstaan en na my vader gaan . . .” het die verlore seun gesê.

Aan die liefde en genade van die Vader mag nooit getwyfel word nie. Oor die voorregte en seëninge in die vaderhuis mag daar nooit onsekerheid wees nie. Jy het 'n verbond met God. Jou doop is die bewys — die seël en onbetwisbare getuienis.

Jy faal dikwels hopeloos, maar God se beloftes bly staan.

Jy val soms in sondes, maar die verbond val nie.

En daarop roep God Sy kind elke dag deur die doop tot bekering.

En van die begrip bekering moet ons nie 'n ingewikkelde teolo-

giese, moeilike redenering maak nie. Die Skrif leer dit aan ons en ook die Gereformeerde Belydenis stel dit so eenvoudig en duidelik: Staan op! Moenie in jou sondes bly lê nie! Dink aan die verbond wat God met jou gemaak het! Hou vas aan Sy beloftes!

Ook hier sluit die Doopsformulier paslik aan by die Belydenis waar die ware bekering verduidelik word as 'n „afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens” (Heidelbergse Kategismus, vr. en antw. 88).

In soveel woorde sê die Doopsformulier:

Jy moet daagliks hartlik berou hê oor jou sondes.

Jy moet daagliks 'n hartlike vreugde in God deur Christus hê „en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe” (antw. 90).

Staan op!

DIE KINDERDOOP

Wat van ons kinders? *Mag* hulle gedoop word? *Moet* hulle gedoop word? Dit was die brandende vrae wat die manne van die Reformasie in die 16de eeu eenvoudig moes beantwoord. Hulle kon die aanslag nie ontduik nie. Trouens, dit is juis hierdie felle verwyte van die kant van die Anabaptiste (Wederdopers) wat die dringendheid van 'n formulier nog meer aktueel gemaak het. Die gemeente mag nie onkundig wees oor die doop van kinders nie. Die sakrament moes juis 'n onderwysing wees oor wat die Skrif sê.

Maar dit was nie alleen die Wederdopers van die 16de eeu wat die Kinderdoop bestry het nie. Alreeds in die eerste eeue van die ou christelike kerk kom daar telkens mense en bewegings wat 'n aanval op hierdie punt van die kerk se tradisie doen. Behalwe sektariese bewegings soos die Montaniste, die Novatiane, die Donatiste en die Spiritualiste van die Middeleeue, het selfs die kerkvader Tertullianus (150 — 220) die kinderdoop bestry. En deur die eeue is die kinderdoop voortdurend bestry tot op die huidige tyd deur Baptiste en allerlei groepe. Selfs die baie groot teoloog Karl Barth het die kinderdoop afgekeur en baie van sy leerlinge het hom gevolg.

Die vraag in die Gereformeerde Belydenis „Moet die jong kinders ook gedoop word?” (Heidelbergse kategismus, vr. 74) is vandag nog net so aktueel as in die tyd van die Reformasie.

So bring die Doopsformulier ook die tweede front, naamlik die verdediging teen die bestryders van die kinderdoop aan die orde. Dit vorm dan die laaste deel van die onderwysing voordat die rituele gedeelte kom.

11.1 Die Wederdopers se grootste beskuldiging

„Alhoewel ons kinders hierdie dinge nie verstaan nie, is dit nie 'n rede om hulle van die doop uit te sluit nie” (Nuwe Afrikaanse vertaling).

Hier pak die Doopsformulier die Anabaptiste (Wederdopers) en al hulle volgelingen by die speerpunt van hulle aanslag — *die ver-*

stand. Hulle betoging is heel eenvoudig: voordat 'n mens mag gedoop word, moet hy eers kan verstaan.

Hierdie dwaling gaan baie verder terug as wat dit oppervlakkig blyk. Alreeds in die Bybelse tyd het die kerk met hierdie opvatting te doen gekry, naamlik met die beweging van die *Gnostieke*.

Hierdie mense se uitgangspunt vir die geloof was die „*gnosis*” = kennis.

Hulle leer dan dat daar 'n onoorbrugbare kloof bestaan tussen *natuur* en *genade*, tussen die *aardse* (liggaamlike) en die *geestelike* (hemelse).

Vir hulle bestaan daar dan 'n radikale skeiding tussen die uitwendige dinge (geskape dinge) en die inwendige (geestelike) dinge.

Wat is die gevolg? Die geskrewe Woord, die Bybel en die sakramente (die sigbare waartekens en seëls) behoort tot die uitwendige dinge en behoort nie tot die ware, egte, diepere godskennis nie. Hierdie diepere godskennis word sonder die middel van Woord en sakramente regstreeks in die „siel” deur die Heilige Gees gewerk. Hulle leef by hierdie „inwendige lig”, die enigste ware kennis.

Net soos met die Roomse, het die Reformatore se stryd teen die Wederdopers ook oor die Woord gegaan. „*Sola Scriptura*” — dit kon die Wederdopers nooit begryp nie en daarom bly hulle aanhoudend vra na die een Bybelteks as 'n bewys van die kinderdoop.

Die grondgedagte van die Wederdopers, dat *natuur* en *genade* 'n teenstelling is, gee dan ook geen ruimte meer vir die Genadeverbond nie. Dat God 'n verbond met natuurlike mense van vlees en bloed oprig en dat Hy nog boonop 'n belofte aan hulle *liggaamlike* kinders wat uit hulle gebore is gee, dit is vir die Wederdopers te „vleeslik”.

Hoe sien hulle dan die verbond van genade wat die HERE met Abraham en sy nageslagte opgerig het (Gen. 17)? Dit, so sê hulle, het slegs nasionale betekenis en was alleen bedoel vir Israel se aardse bestaan. Dit het dan niks te doen met die ewige seën en die hemelse vaderland nie — dit hoort by die skepping en is uiteraard van verbygaande aard.

In so 'n denkpatroon waarin die „sielelewe” en die „inwendige lig” en die „diepere kennis” die finale kriterium vir die geloof en die verlossing is, het die kinderdoop geen plek nie. Want hoe kan so 'n klein kindjie dan alreeds die kennis besit? So 'n kind is ten eerste *onwetend* en ten tweede *onmondig*. Hy is nie in staat om iets

van die doop te weet nie en nog minder in staat om te bely of te „getuig” wat hy van God ontvang het. Daarvoor moet hy volwasse wees.

En hier kry ons nou die rede waarom die Wederdopers alleen ’n doop vir volwassenes ken: die beloftes van God moet eers kan *verstaan* word voordat dit kan ontvang word.

Hoe ontsettend wreed sou dit gewees het as ouers nooit aan hulle kind ’n geskenk kon gee voordat hulle dit verstaan nie.

Alhoewel ons kinders hierdie dinge nie verstaan nie . . . nogtans! Dit is die nogtans van God se soewereine genade dat Sy beloftes nie afhanklik is van die mens se verstand nie.

11.2 Adam en Christus

Die unieke en die uitmuntende van die Gereformeerde Doopsformulier is dat hy in sy verweer teen die Wederdopers nie meer wil sê as wat nodig is nie. Hy kon byvoorbeeld ’n lang lys van Bybeltekse behandel het soos Matt. 19, Hand. 16:15, Hand. 18:8, 1 Kor.1:16, Kol. 2:11 ens. maar hy ag dit nie hier nodig nie. Die Doopsformulier veronderstel ook nog die Gereformeerde Belydenis, met name die Heidelbergse Kategismus waar ’n helder duidelike antwoord gegee word op die vraag of kinders moet gedoop word (vr. 74). Op die katekisasies word hulle geleer en in die Kategismusprediking word die gemeente gereeld onderrig dat die kinders

„net so goed as die volwassenes in die verbond van God in Sy gemeente ingesluit is en aan hulle nie minder as aan die volwassenes nie deur die bloed van Christus beloof word die verlossing van sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk . . . ens”. Die Doopsformulier gee slegs kort en kragtig die Skrif aan die gemeente deur sonder om antwoorde op verkeerde vrae te probeer gee. Verkeerde vrae gee ook verkeerde antwoorde en die Doopsformulier het geluister na die waarskuwing van die Skrif: Dwase en onverstandige strydvrae moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twis verwek (2 Tim. 2:23).

Maar as die Doopsformulier met die Skrif kom, dan doen hy dit besonder strategies: *Romeine 5* met die ooreenkoms tussen Adam en Christus.

Adam was die eerste hoof van die mensheid en met hom is alle mense onder God se oordeel.

Die *tweede Adam, Christus*, is die hoof van die nuwe mensheid

en alleen in Hom kan hulle verlos word van die sonde en deur God vrygespreek word.

Aan hierdie ooreenkoms tussen Adam en Christus herinner die formulier ons. Maar hy gaan nog verder: sonder dat die kinders dit weet!

Volgens die Wederdopers is daar sonder kennis (= bewuste geloof) geen deel aan Christus nie, geen deel aan die genade van God nie.

Maar nou vra die Doopsformulier: kan 'n mens wel sonder kennis deel hê aan die *oordeel* van God en nie aan die *genade* van God nie?

Dat ons kinders sonder kennis, sonder dat hulle dit verstaan deel het aan die oordeel van God, is sonder twyfel duidelik uit die Skrif. Ons word almal in ongeregtheid gebore en in sonde het ons moeders ons ontvang (Ps. 51:7).

Waarom sou God dan nie die kinders sonder dat hulle dit verstaan laat deel in Sy genade nie?

Met oortuiging kan ons sê: So min as wat God se oordeel afhanklik is van ons kennis, net so min is sy vryspraak van die skuld afhanklik van ons kennis.

Ons staan hier voor die openbaring van God in die Skrif:

Sowel die oordeel as die genade word geopenbaar.

Die verdoemende oordeel word aan ons bekendgemaak in die Woord.

Die verlossende evangelie word ook aan ons in die Woord bekendgemaak.

En ons kinders is by beide betrokke.

11.3 Die verbond met Abraham

Behoort ons kinders ook tot die verbond van God? Laat Tertullianus en die Montaniste en die Spiritualiste en die Wederdopers en almal wat die kinderdoop verwerp daarop antwoord. Julle word uitgedaag met God se daad teenoor Abraham. Het God alleen aan Abraham Sy beloftes gegee of ook aan sy nageslag?

En dan word Gen. 17:7 aangehaal:

„Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte tot 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou”.

Abraham verteenwoordig in die geskiedenis van die verbond die Ou Testamentiese Kerk. Die beloftes aan Abraham geld vir die

hele Ou Testamentiese Kerk. Telkens openbaar God Homself dan ook as die God van Abraham, Isak en Jakob.

En hierdie beloftes — so het die Reformatore dit uit die Skrif afgelei — is ook van toepassing op die Nuwe Testamentiese Kerk. Juis Calvyn het volgehou dat dit een verbond, een kerk is met twee bedelings. Daar is slegs een Middelaar vir die Ou en die Nuwe Testamentiese kerk. (Kyk hoofstuk 8).

En nooit is die kinders uit hierdie beloftes uitgesluit nie, intendeel, in Abraham is die verbond ook met sy nageslag opgerig.

11.4 Petrus se woorde

Die tweede bewys wat die Doopsformulier gee dat die kinders ook die belofte van God se genade ontvang en daarom behoort gedoop te wees, is uit die apostel Petrus se preek op die Pinksterdag:

„Want die belofte kom aan julle toe en julle kinders en aan almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom toe sal roep” (Hand. 2:39).

Oor hierdie teks gee Calvyn die volgende kommentaar (vry vertaal):

„Hierdie teks weerlê die Wederdopers baie duidelik as hulle die kinders van gelowige ouers wil wegweer. Hulle soek ’n uitvlug in die figuurlike opvattinge dat onder kinders alleen diegene moet verstaan word wat geestelik uit hulle voortgekom het. Maar van so ’n growwe onbeskaamdheid het hulle geen nut. Want dit is duidelik dat hierdie woorde deur Petrus gespreek is omdat God die hele volk besonderlik aangeneem het. En die besnydenis was die bewys dat die kinders die reg tot aanneming gehad het. Soos wat God Sy verbond met Isak opgerig het nog voordat hy gebore was, omdat hy die nageslag van Abraham was, leer Petrus dat alle kinders van die Jode in dieselfde verbond inbegrepe was terwyl hierdie woord altyd van krag is: Ek sal die God van jou nageslag wees.”

Die Doopsformulier wys die twee duidelike bakens aan: Abraham waar God Sy Genadeverbond opgerig het en Pinkster — die oes van hierdie beloftes in Christus.

Hier word die Ou en Nuwe verbond saamgebind in ’n hegte eenheid. Die belofte aan Abraham is ook ’n belofte aan ons en ons kinders „en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom toe sal roep”.

Op die gesigseinders wuif die oes van die sendingvelde.

Die wêreldlandkaart rol oop.

„Al Sy beloftes bly van krag tot in die duisendste geslag” (Ps. 105).

11.5 Doop en besnydenis

In die Ou Testament was dit uitdruklik God se bevel dat die klein kinders besny moes word. Ook hier het hulle self nie die verstandskennis gehad om dit te besef nie. En tog was hierdie sakrament ’n teken en seël van die verbond.

En nou noem die Doopsformulier die besnydenis „’n seël van die verbond en van die geregtigheid van die geloof”.

Gryp hy dit nou sommer uit die lug? O nee, hierdie uitspraak staan vierkantig op die Skrif en wel op *Rom. 4:11*:

„En hy (d.w.s. Abraham) het die teken van die besnydenis ontvang as ’n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word”.

Die oorspronklike onverkorte formulier van 1566 stel dit baie duidelik dat Jesus Christus in die wêreld gekom het, nie om die genade van Sy hemelse Vader te verminder nie, maar veel meer: om die verbond van genade wat met Israel gesluit was, deur die ganse wêreld uit te brei en het in die plek van die besnydenis die heilige doop tot ’n waarteken en seël van hierdie verbond vir ons en ons kinders ingestel (Olthuis bl. 247).

Is daar dan nou werklik nog iemand wat twyfel dat ons kinders ook tot die Genadeverbond behoort — juis hulle wat deur Christus omhels en geseën word? (Mark. 10:16)

Soos wat die besnydenis in die Ou Verbond die teken en seël was, so is dit in die Nuwe Verbond die doop. Daaroor het die Reformatore nooit getwyfel nie want so word dit deur die Heilige Skrif geleer in *Kol. 2:11 — 12*:

Paulus skryf hier aan die christene uit die heidene dat hulle ook besny is, maar nie met hande verrig nie. Dit was ’n besnydenis deur die liggaam van die sondige vlees af te lê (d.w.s. die ou sonde is weggedoen) in die besnydenis van Christus. Hulle het een geword met Christus.

Maar hoe het hulle (hierdie christene uit die heidendom) deel aan die besnydenis van Christus?

Dan wys Paulus in vers 12 op die *doop* waarmee hulle gedoop is!

Hier in hulle doop word dieselfde waarheid as in die besnydenis afgeteken en verseël, maar nog net duideliker en helderder — „saam met Hom begrawe . . . saam opgewek deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.”

Daarom — omdat die Skrif so leer (die verbond en sy teken en seël) — „*moet die kinders as erfgename van die ryk van God en van sy verbond gedoop word.*”

Ons kinders is ook erfgename.

Die testament (verbond) stippel die erfenis (beloftes) baie duidelik uit.

God verduidelik dit met 'n sigbare dokument (sakrament) en Hy gee as't ware Sy Naamtekening (seël) daarop.

Moet gelowige ouers nou hulle kinders hiervan weerhou en verhoed?

Nee, dit is die heerlikste voorreg om dan die kinders na die doopbak te dra.

Maar die voorreg beteken vir die ouers ook 'n verpligting — 'n geweldige verpligting.

„Die ouers is verplig om hulle kinders, namate hulle groter word, hieroor breedvoeriger te onderrig”.

Sonder dat hulle dit geweet het, het God Sy kinders in genade aangeneem.

Daarom — al het hulle dit nie verstaan nie — het hulle die teken en seël van hierdie genade ontvang.

Maar die Heilige Skrif stel 'n baie hoë premie op die kennis van God.

Sagaria sing dit uit as Christus moet kom as God „die eed wat Hy gesweer het vir Abraham” gaan vervul „om kennis van saligheid aan sy volk te gee” (Luk 1:73,77).

Die kinders moet „die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind” (Spr. 2:5).

Verbondsouers moet hulle kinders van kleins af onderrig.

Hulle moet elke dag in die huisgodsdienis wees.

Hulle moet van vroeg af hulle Bybels lees.

Vader en moeder moet hulle van kleins af vertel van Jesus Christus.

Hulle moet leer om te bid.

Hulle moet na die kerk se kerkisasies gaan.

Sondae moet hulle saam kerk-toe.

Hulle moet leer om van die Here te sing om Hom te loof.

Hulle moet na die skool waar hulle in hulle moedertaal onderrig word en waar 'n christelike lewensstyl gehandhaaf word.

Dit het alles met die verbond te doen . . . en met hulle doop!

DIE EERSTE GEBED

Met die gebed begin dan die rituele gedeelte van die Doopsformulier. Dit word gedoen — so staan dit hier — tot *God se eer tot ons troos* en tot *opbouing* van die gemeente.

12.1 Die sondvloed en die Rooisee

Die Gereformeerde Doopsformulier kom nie met los Bybeltekste sonder verband nie. Ons sien die Openbaringshistoriese lyne. Die kontoere word getrek. Die bakens van die verlossing word aangedui. Die pylers van Sy oordele word aangewys.

En nou begin hy met die *sondvloed* en die *Rooisee*.

Dit is nie maar sommer uit die lug gegryp nie, maar juis die Heilige Skrif verbind die doop met die sondvloed en die Rooisee.

In *1 Petr. 3:20 — 21* word die doop met die *sondvloed* verbind.

In *1 Kor.10:1 — 2* word die doop met die *Rooisee* verbind.

Met hierdie lyne deur die Skrif leer ons *twee dinge*:

i. God oordeel die wêreld in geregtigheid — die sondvloed en die Rooisee.

ii. God behou, red die kerk in genade — die ark en die deurtog van Israel.

En wat is nou die diep betekenis van hierdie twee klassieke Skrifgedeeltes waardeur die doop betekenis kry?

Dit is 'n redding *deur die oordeel heen* of onder die oordeel uit.

God se oordeel en God se verlossing word nie van mekaar geskei nie, maar dit is een en dieselfde saak of daad van God na twee kante.

Dieselfde evangelie preek *oordeel* en *verlossing* tegelyk.

Vir die gelowiges is dit verlossing, vir die ongelowiges oordeel.

Noag en sy mense kom ook onder die oordeel — van bo af stort die reën en van onder af styg die water, maar hulle word dwarsdeur met die ark gered. Israel gaan deur die Rooisee en dit is hulle redding en dieselfde Rooisee is Farao se ondergang.

En nou word die heilige doop met hierdie twee groot gebeurtenisse verbind:

Dit spreek van ondergang en redding, van God se oordeel oor die sonde en van Sy verlossing uit genade. 'n Ent verder sê die gebed dit so duidelik: die kind word deur die doop saam met Jesus Christus begrawe in die dood en saam met Hom opgewek in 'n nuwe lewe.

Die boodskap is duidelik: Ons leef in 'n wêreld wat onder God se oordeel is, maar God se kinders word onder die oordeel uit gered.

Opmerking:

Reeds in hoofstuk 3 het ons agtergekom dat hierdie gedeelte van die Gereformeerde Doopsformulier baie oud is en selfs in Luther se doopboekie van 1523 en die Zurichse formulier van dieselfde jaar kan teruggevind word. Woelderink beweer dat dit spruit uit 'n liturgie wat in die Middeleeue gebruik is (bl. 345).

12.2 „By U grondelose barmhartigheid”

Die gebed kom hier met 'n pleitgrond wat woordeliks feitlik in al die ou reformatoriese formuliere voorkom: „ . . . by U grondelose barmhartigheid.”

God se barmhartigheid kan nie deur die mens gekoop word nie.

Hier is die ootmoedige belydenis van die kerk dat die mens self niks het nie. Daar bestaan geen grond vir barmhartigheid in die mens nie.

Daar is ook niks buite God Self wat aan Hom 'n rede gee waarom Hy barmhartigheid moet bewys nie, want Hy is soewerein.

Soos 'n refrein hoor ons voortdurend hierdie erkenning in die Gereformeerde Belydenis. Ook die Nagmaalsformulier vertel van hierdie „grondelose barmhartigheid”.

Weer eens voel ons verleë: Die nuwe Afrikaanse vertaling het hierdie woorde heeltemal weggelaat!

12.3 Hierdie kind van U

Hier vind ons weer die besonder sterk beklemtoning van die Genadeverbond. Die gedoopte is God se KIND. En hy/sy is GOD se kind. Daarvan is die doop 'n bewys.

Ook hierin is die Gereformeerde Doopsformulier uniek. In Luther se formulier is daar slegs sprake van „hierdie kind”. Leo Judae (Zurich) se formulier praat van „hierdie dienskneg van U”.

Maar hoor wat sê die Doopsformulier van die Paltz waar ook die Heidelbergse Kategismus vandaan kom: „*disz dein Kind*” (ou Duitse spelling).

En hierdie uitdrukking neem Datheen net so oor.

Dit is so eg Skriftuurlik, bv. die kinders van Israel, noem God ook Sy kinders (Eseg. 16:21).

12.4 Wat belof is, word tog ook weer gevra

Opvallend is dit wat alreeds in die begin van die Doopsformulier belof is, nou weer gevra word:

„Daarom bid ons U (by U grondelose barmhartigheid) om ook hierdie kind van U genadiglik aan te sien en hom deur u Heilige Gees in Jesus Christus, u Seun, in te lyf sodat hy deur die doop saam met hom in die dood begrawe word en saam met Hom in 'n nuwe lewe opgewek word.”

Dit is dieselfde dinge wat alreeds belof is as ons gedoop word in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

In die Naam van die Vader: Jy is Sy kind.

In die Naam van die Seun: Jy is lid van Christus, jy is in Hom ingelyf — saam met Hom begrawe, saam met Hom opgewek.

In die Naam van die Heilige Gees: Die Heilige Gees woon in jou. Hy gee aan jou die versekering. Hy werk die geloof deur die Woord.

Om te vra wat reeds belof is, vertel juis van die aktiewe geloof, die lewende geloof wat nie dooie kapitaal is nie. So dink ons bv. daaraan dat die Vader aan ons die Heilige Gees belof het. Maar Hy wil steeds dat Sy kinders Hom ook daarvoor vra! (Luk. 11:13, Heidelbergse Kategismus, vr. en antw. 116) Daarin word Hy geëer. Dit vertel van ons dankbaarheid.

12.5 Christus navolg en Sy kruis dra

Wat is die ware christelike lewe? Wat is die konsekwensies van ons geloof? Die wêreldling sou verwag dat dit 'n heerlike lewe op aarde sou moes wees. Die utopia dat 'n mens dit kan regkry om van hierdie wêreld 'n paradys te maak, beheers dikwels die mens se denke.

Dié ware christelike lewe kan so baie dinge beteken. Daar kan ook baie definisies daarvoor gegee word. Per slot van rekening kan dit saamgevat word in een woord, of liever, in een Naam: Christus!

Hy het Self gesê: „Ek is die weg en die waarheid en die lewe” (Joh. 14:6) Hy het ook gesê: „As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.” (Matt. 16:24).

Jesus volg en Sy kruis dra . . . Dit moet die verbondskind *blymoedig* doen. Daarvoor bid ons in die Doopsformulier.

Ons moet egter versigtig wees wat ons met *navolging* van Christus bedoel. Dit is nie ’n *mistieke* gemeenskap tussen die siel en Christus nie. Hierdie mistiek, soos wat dit bv. uitkom in die boek van die Middeleeuse geestelike Thomas a’Kempis, is ’n sug na die innige, regstreekse vereniging van die siel met Christus buite die Woord om.

Nee, navolging van Christus beteken heel eenvoudig om Christus op Sy Woord te volg.

Om in Christus te bly, is om Sy gebooie te bewaar, sê Hy Self in Joh. 15:10. Ook as die apostel Johannes die gemeente waarsku teen ’n valse kennis en ’n verkeerde soort lewensgemeenskap met Christus, dan skryf hy:

„En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons Sy gebooie bewaar.

Hy wat sê: Ek ken Hom — en Sy gebooie nie bewaar nie — is ’n leuenaar en in hom is die waarheid nie.

Maar elkeen wat Sy Woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is” (1 Joh. 2:3-5).

Ook om Jesus se kruis te dra is ’n uitdrukking waarmee ons baie versigtig moet wees. Dit beteken nie maar bloot alleen swaarkry of lyding en smarte in die algemeen nie, maar *sterwe* — van jou eie, jou eiegeregtigheid, jou selfhandhawing, jou onbekeerde sondige lewe. Iemand wat in die tyd van Jesus ’n kruis gedra het, was iemand wat moes sterf. Kruisdra hier in die Doopsformulier beteken ten eerste *selfverloëning*.

Wie hier op aarde Jesus navolg (= lewe volgens Sy gebooie) en sy kruis dra (= homself verloën ter wille van Christus) sal weldra saam met Christus in Sy heerlijkheid wees. Dit maak die christelike lewe ’n *blymoedige* lewe.

12.6 Hierdie lewe wat ’n stadige dood is

Die gedoopte weet dat „hierdie lewe” met sy kruisdra kortstondig is. Dáár vóór is „die laaste dag” en „die regterstoel van Christus”.

Nou is dit nog hierdie aardse lewe met al sy verganklikheid waarin die gedoopte reeds die nuwe lewe begin het — die nuwe wedergebore lewe in Christus.

Hier kan die kind van God se lewe dan ook saamgevat word in drie woorde:

Geloof, hoop en liefde.

En in alles is hy gebonde aan sy Christus. Hy hang Hom daagliks aan met 'n *opregte geloof*

'n *vaste hoop* en

'n *vurige liefde.*

Die ou Reformatore het egter ook 'n ander definisie van „hierdie lewe” gegee. Ook hierin het hulle die Skrif nagespreek. Hulle het gesê dit is 'n lewe „wat tog niks anders is as 'n gestadige dood nie” (ou Afrikaanse vertaling).

Die ou Duitse teks van die Paltz druk dit nog sterker uit en sê dat hierdie lewe niks anders as 'n dood is nie („nichts anders ist, denn ein Todt”).

Feitlik woordeliks vind ons dieselfde formulering alreeds in die doopsformulier van Zurich in 1525: hierdie lewe is niks anders as 'n dood nie. Die datum 1525 vertel aan ons dat ons hier een van die oudste stukkies formulering van die Reformasie kry — selfs 41 jaar voor Datheen se formulier in 1566.

Die gedagte van „gestadige” dood vind ons die eerste keer by Datheen.

Vir mense wat geleef het onder die rook van martelaarsvure en vir die vlugtelinggemeentes (juis waar die Gereformeerde Doopsformulier gebore is) was hierdie sinsnede in die gebed 'n ontsaglike troos. Die skadu van die dood het voortdurend oor hulle en hulle kinders gehang. Daarom word die lewe genoem 'n dood, 'n voortdurende sterwe.

Die Bybeltekste waarop hulle dit gegrond het, vind ons in die oorspronklike uitgawes as *Job. 7:16* en *Ps. 90:9*.

Ook 2 Kor. 4:10 e.v. is hier van toepassing.

Woelderink kom met die gedagte dat die woord „sterwe” i.p.v. „dood” verkiesliker sou wees (bl. 352). Inderdaad word 'n proses van afsterwe bedoel.

Maar wat het die nuwe Afrikaanse vertaling van hierdie gedeelte in die gebed gemaak?

Hier was geen sprake meer van 'n vertaling uit die outentieke teks nie, maar die vertalers het sommer hulle eie verandering

gemaak. „Hierdie lewe wat tog niks anders is as 'n gestadige dood nie” het toe geword „*hierdie lewe wat onvermydelik op die dood uitloop*”.

Die vertalers het dit waarskynlik nie besef nie (of het hulle nie aandag daaraan gegee nie) dat die teksverwysings in die oorspronklike uitgawes, naamlik Job 7:16 en Ps. 90:9 nou nie meer van toepassing kan wees nie.

Hulle het dit waarskynlik ook nie geweet dat hierdie nuwe formulering opening gee aan die heidense opvatting soos bv. van die Griekse filosoof Plato nie. Die probleem kom omdat daar nou op 'n ander manier skeiding gemaak word tussen lewe en dood — die lewe hier en die dood daar — wat kan inpas in die heidense dualisme.

Ook waar die moderne *Eksistensialisme* (= die filosofie wat die bestaan — eksistensie — van die konkrete mens sentraal stel) geen vrede kon hê met die oorspronklike formulering van die Doopsformulier oor lewe en dood nie, kan hy nou met die nuwe Afrikaanse verandering heeltemal eens wees. Ons kan bv. verwys na die filosoof Heidegger se „*Sein und Zeit*” (Tübingen, 1960) oor wat hy daar skryf oor lewe en dood. (Let veral op die hoofstuk: „*Das alltägliche Sein zum Ende und der volle existenziale Begriff des Todes*”).

Die Eksistensialisme maak juis 'n radikale skeiding tussen lewe en dood. Die dood bestaan eers „*zum Ende*” (aan die einde) of „*einmal*” (eenmaal). Treffend is die uitspraak: Die dood kom gewis, maar voorlopig nog nie („*Der Tod kommt gewiss, aber vorläufig noch nicht*”). Vergelyk hiermee die sinsnede „*onvermydelik op die dood uitloop*” van die nuwe Afrikaanse vertaling.

12.7 Slot van die gebed

Hier bely die Doopsformulier dat alle eer aan die Drieënige God toekom. „*Soli Deo gloria*” — aan God alleen die eer. Dit is feitlik die slagspreuk van die Gereformeerde kerke in die 16se eeu.

Maar hiermee is daar ook 'n aansluiting by die Christelike kerk van die eerste eeue. In navolging van die Psalms en Jesus se gebed wat Hy ons geleer het, het die ou kerk gewoonlik hulle gebede afgesluit met die *doksologie* (= lofprijsing). Maar dan is dit meteen 'n lofprijsing in die Naam van Jesus Christus, want alleen deur Hom ontvang ons God se genade. Op Hom moet die gemeente se oë gevestig wees.

Die lyn word van die doopbak af getrek na die regterstoel van Christus. Maar die doel van alles bly die eer van God. Dit is gereformeerde.

DIE VERMANING EN DIE VRAE

Dit is komplete asof die kind met die ouers stap vir stap alhoemeer direk betrokke raak. Die Doopsformulier raak alhoemeer persoonlik. Die ouers word nou aangespreek.

13.1 Die opskeif in die oudste formuliere

Dit is opvallend dat die oudste formulier van Datheen in 1566 alreeds in die formulier 'n opskeif gehad het wat deur die loop van eeue konsekwent in al die uitgawes gehandhaaf is, behalwe in die nuutste Afrikaanse vertaling. Ook hier is dus weer eens 'n afwyking van die oorspronklike teks. Letterlik was die oudste opskeif: „*Vermaeninge aan die Ouders, en die mede te doope komen*”. Tot met die Rutgersteks in 1897 is hierdie opskeif gehandhaaf (met die moderne spelling) en ook die oudste Afrikaanse vertaling het hom daarby gehou, behalwe dat die woord „getuies” gebruik is vir „die mede ten Doop komen”. Toe was die opskeif: „Vermaning aan die ouers of getuies”.

Hierdie gedagte van *vermaning* is baie belangrik. Dit is eie aan die prediking in die Gereformeerde kerke. In die Roomse kerk is so iets onmoontlik, want daar is die ouers nie by die doop van die kind teenwoordig nie en al sou dit gebeur, dan was dit nie nodig nie. In die Roomse sakramentsleer is dit die doop self wat die genade onfeilbaar in die harte van die kinders uitstort. Hierdie genade word nie later deur die ouers beskerm en deur hulle medeverantwoordelikheid tot groei en wasdom gebring nie, maar dit is enkel en alleen die kerk se taak. Die kerk doen nou verder alles vir die kind deur die baie sakramente van die wieg tot die graf en hierdie sakramente gee langs die hele pad die genade.

Die *gereformeerde sakramentsopvatting* is egter heeltemal anders: God het met die ouers 'n *verbond* opgerig. En hierdie verbond moet bewaar word. Hierin gee God nie alleen Sy beloftes vir hulle en hulle kinders nie, maar Hy vra ook gehoorsaamheid. Die HERE kom met 'n eis. Hy roep die ouers op tot verantwoording. Hulle word vermaan en van hulle word beloftes gevra.

Die vermaning volgens die oudste Afrikaanse vertaling (wat ook hier by verre die naaste aan die outentieke teks is) lui soos volg:

„Geliefdes in die Here Christus, u het gehoor dat die Doop 'n ordening van God is om aan ons en ons kinders sy verbond te verseël; daarom moet ons dit vir dié doel en nie uit gewoonte of bygelowigheid gebruik nie. Dat dit dan openbaar kan word dat u so gesind is, moet u van u kant op hierdie vrae ongeveer antwoord.”

Die prediking van wat God met die Doop bedoel, het nou reeds tot die ouers gekom. „Aan ons en ons kinders (word) Sy verbond verseël”. Daar is by die ouers nou geen twyfel en onduidelikheid meer nie. Die vraag aan hulle is nou heel eenvoudig: Aanvaar julle dit so? Neem julle dit aan? Glo julle ook so?

En dan is daar veral twee dinge waarteen die ouers moet waak:

13.2 Gewoonte en bygelowigheid

i. Gewoonte

Godsdiens bloot uit gewoonte en sonder beleving van die inhoud is een van die gevaarlikste dinge in die kerk. Dit is vormgodsdiens. Dit lei tot skynheiligheid. Dan is die tradisie uitgehol en inhoudloos — bloot 'n gebruik. Die uiterlike word belangrik. Die vertoon begin oorneem. En by die doop van 'n kind kan dit buitensporige afmetings aanneem. Die dooprok word naderhand belangriker as die doopbelofte. Die dooppartytjie met die familie en gaste kry meer aandag as die erediens met die sakrament.

Hoe gevaarlik uiterlike gewoontegodsdiens is, sien ons alreeds in die Bybel. Die profete van die Ou Testament waarsku voortdurend daarteen en in die Nuwe Testament is die godsdiens van die Fariseërs 'n tipiese voorbeeld van uiterlike gewoontegodsdiens. Die Reformatore het ook baie goed geweet dat ook die gereformeerde kerke teen hierdie euwel moet waak.

ii. Bygelowigheid

In al die oudste uitgewes word die woord „*superstisie*” gebruik. Met hierdie superstisie of bygeloof word feitlik die hele *Roomse* sakramentsopvatting beskryf. Aan die doop word 'n magiese krag toegeken. Die doop self maak die kind salig. Die doopwater was die sondes af. Daarby kom allerhande middele soos kerse en olie waaraan 'n magiese betekenis geheg word. Daarvan sê Calvyn in sy doopsformulier: „Daar bestaan geen twyfel daaroor dat kerse en

olie wat salwing genoem word, en ander soortgelyke vorms van vertoon nooit deur God ingestel is nie, maar deur mense ingevoer is. Die bygeloof het geleidelik dermate vordering gemaak dat dit van groter waarde en aansien beskou is as die instelling van Christus self.”

Hier is een van die wesentlike gevare wat die suiwer doopsbediening bedreig: *bygeloof*.

Maar dit was nie slegs die Hervormers van die 16de eeu wat die stryd teen bygeloof moes voer nie. Steeds vandag nog is dit die ervaring van menige predikant dat daar mense is wat ’n bonatuurlike magiese krag van die doop verwag, bv. dat dit die kind sal bewaar van siekte en dood. Ook tref ’n mens soms ouers aan wat dink dat ’n ongedoopte kind sal verlore gaan.

Die waarskuwing van die formulier is vandag nog net so aktueel. Waarom het die vertalers van die jongste Afrikaanse teks hierdie „bygeloof” weggelaat? Het die moderne geslag die waarskuwing nie meer nodig nie?

13.3 ’n Belydenis voor God en Sy gemeente

Die vermaning aan die ouers teen *gewoontegodsdiens* wat uitloop op skynheiligheid en oneerlikheid en *bygeloof* waardeur die doopsereemonie afgodery word, hang egter nie in die lug sonder ’n antwoord nie. Hier is dit nie maar slegs ’n brief wat by ’n bepaalde adres afgelewer word nie, maar ’n duidelike antwoord word gevra:

Stem jy met dit alles (wat in die Doopsformulier gesê is) saam? Is dit ook jou gesindheid?

Is jy bereid om dit in die openbaar voor die hele gemeente te bely? — daarmee doen jy dit meteen voor God wat nou hier is om Sy gemeente in ’n erediens te ontmoet.

Daar is vrae waarop jy *ongeveer* moet antwoord:

13.3.1 Die eerste vraag:

„Ten eerste, alhoewel ons kinders in sonde ontvang en gebore is, en daarom aan allerhande ellende, ja aan die verdoemenis self onderworpe is, erken u ewenwel dat hulle in Christus geheilig is en daarom as lidmate van Sy gemeente behoort gedoop te wees?” (Ou Afrikaanse vertaling omdat die nuwe vertaling weer eens afwyk van die outentieke teks)

Oor die aanloop van die vraag — erfsonde, ellende, verdoeme-

nis — is reeds in hoofstuk 6 bespreek en die „in Christus geheilig” is reeds in hoofstuk 7 behandel.

Hierdie eerste doopvraag het egter in die geskiedenis van die Gereformeerde kerk telkens in die brandpunt van stryd gestaan omdat daar telkens mense was wat daaraan getwyfel het:

i Of die doop werklik nou (hier by die doopbak) die genade van God beloof en verseël? Moet ons dit nie liever sien as ’n genade wat moontlik in die toekoms moet kom nie . . . ?

ii. Of die kind wat gedoop word alleen „uitwendig” as lid van die kerk en die verbond moet beskou word en dit alleen „veronderstel” word dat hy/sy ’n kind van God is totdat die teendeel blyk . . . ?

Hieroor het daar selfs ’n „verbitterde” stryd in die Gereformeerde kerke in Nederland gewoed en dit het selfs meegewerk tot skeidings en skeuringe. Ons kan maar slegs verwys na die strome van literatuur vanuit die *Christelike Gereformeerde Kerk* wat in 1892 voortgegaan het toe die kerke van die *Afskeiding* en *Doleansie* verenig het, die stryd op die Sinode van die Gereformeerde kerke in 1905 en die onverkwiklike woeling in die veertigerjare wat uitgeloop het op die vorming van die *Vrygemaakte kerke* (onderhoudende art. 31 van die Dordtse kerkorde).

Ons wil hier slegs volstaan dat geforseerde dogmatiese (of filosofiese?) konstruksies en begrippe soos „uitwendige en inwendige verbond” (bv. Witsius in die 17de eeu), „absolute en voorwaardelike verbond” (Maresius, ook ’n geref. teoloog van die 17de eeu), „’n leer van twee verbonde — uitverkorenes en nie-uitverkorenes” (William Blake in die 18de eeu), „kiem van die wedergeboorte” (Voetius in die 17de eeu) en „veronderstelde wedergeboorte” (A. Kuyper en baie volgelingen in die 19de en 20ste eeue) nie terme en begrippe is wat uit die Heilige Skrif en die Gereformeerde Belydenisskrifte kom nie.

In die Doopsformulier gaan dit juis om die sekerheid en die vastheid van God aan Sy kind. Alles kom op los skroewe as ouers alreeds by die doopbak moet begin twyfel of dit waarlik *egte* beloftes aan ’n *egte* kind van God is. Was dit maar slegs ’n „veronderstelling”?

As ons die *Doopsformulier van die Paltz* wat deur Olevianus opgestel is lees, hoef daar nie meer twyfel te bestaan nie. Daar word gevra (vry vertaal):

„Begeer u dan uit ’n ware geloof in die belofte van God in Jesus

Christus wat aan ons en ons kinders gegee is: dat Hy nie alleen ons God is nie, maar dit ook vir ons saad wil wees tot in die duisendste geslag, dat hierdie kind op hierdie grond gedoop word en die verseëling van die kindskap van God ontvang?"

Lidmaat van Christus se gemeente

Die jongste vertaling van die Doopsformulier in Afrikaans bevat nie meer die sinsnede „van Sy (d.w.s. Christus) se gemeente” nie. Wat was die bedoeling van die vertalers en waarom het selfs Sinodes (w.o. die Gereformeerde Kerk in S.A. en die NG. Kerk) dit goedgekeur? Dit is altyd moeilik om ’n presiese antwoord op ’n bedoeling te gee. Wat wel gebeur het is dat die nuwe vertaling skielik opening gee vir die *kollegialistiese* kerkbegrip in die 19de eeu, naamlik dat die gedoopte nie ten eerste lidmaat is van die selfstandige, plaaslike gemeente (kerk) nie, maar van die kerk in die algemeen, die „kerkgenootskap”.

Na die Franse Rewolusie het die Staatsinstansies alreeds in 1798, 1801 en 1805 amptelik van die kerk gepraat as ’n „genootskap”. Ook die kerk self het in sy beryming van die „12 artikels” in 1775 alreeds gesing:

„k Geloof één kerk, een algemeen genootschap . . .” (De Wolf, bl. 26) Dit is in hierdie denkwêreld waarin daar ’n onderskeid tussen „lede” en „lidmate” van die kerk gemaak is. Volgens ’n wysiging van die Reglement van Koning Willem I van Nederland in 1816 wat in 1852 uitgevaardig is, word hierdie onderskeiding vir die Nederlandse Hervormde Kerkgenootskap gesanksioneer op so ’n wyse dat die *lidmate* die eintlike lede van die genootskap is en die *lede* (kinders en dooplede) nog slegs „aspirant-leden” is, d.w.s. mense wat nog „aspireer” om lidmate te word (De Wolf, bl. 26). Op grond hiervan het die term „aanneem” burgerreg gekry. Eers by Belydenisaflegging word die dopeling dan deur die kerk (as geheel) „aangeneem” as ’n lidmaat.

Maar wat leer die Doopsformulier? Alreeds by die eerste vraag word bely dat die kind *as lidmaat van Christus se gemeente* behoort gedoop te wees. Nie maar net vaagweg ’n lidmaat in die algemeen nie, maar werklik hier en nou, lidmaat van Christus se gemeente, Sy liggaam soos wat dit duidelik en sigbaar in die plaaslike kerk bestaan.

Die lammers is deel van die kudde.

Die kind wat gedoop word ontvang juis die sakrament omdat hy of

sy lidmaat van die gemeente is. Hulle word nie eers later lidmate deur openbare belydenis nie. Hulle word nie maar eers later „aangeneem” omdat hulle glo nie. Hulle word selfs nie eens lidmate deur hulle doop nie.

Die kinders van gelowige ouers IS lidmate en DAAROM behoort hulle gedoop te word.

13.3.2 Die tweede vraag

„Ten tweede, erken u dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament en in die Artikels van die Christelike geloof vervat is, en in die Christelike Kerk alhier geleer word, die waaragtige en volkome leer van die saligheid is?” (Ou Afrikaanse vertaling)

Hierdie tweede doopvraag het nogal heelwat veranderings deur die loop van die geskiedenis ondergaan. Woelderink praat selfs van die lydingsgeskiedenis van hierdie gedeelte van die formulier (bl. 362).

Dit gaan veral om die woorde „*die Christelike Kerk alhier*”.

Die oorspronklike formulier van Datheen van 1566 sê „deze leer die hier geleerd wordt.”

In die verkorte formulier van 1578 en 1580 word slegs van „de leer” gepraat.

Op die Nasionale Sinode van Middelburg in 1581 word besluit dat die woorde „de leer die hier geleerd wordt” opsioneel kan gebruik of weggelaat word.

Op die Nasionale Sinode van 's-Gravenhage in 1586 word weer besluit om die woorde „in de christelijke Kerk geleerd word” as 'n kwalifikasie vir die leer by te voeg.

Rutgers haal in 'n voetnoot by sy outentieke teks in 1897 vir Trigland aan wat beweer dat die woorde „de Christelijke Kerk alhier geleerd wordt” by die Nasionale Sinode van Dordrecht 1618-19 aanvaar is. Midde-in die Arminiaanse stryd (juis toe die leer van die kerk in gedrang was) het die predikante van Amsterdam in 1613 besluit dat die woorde „hier” of „in deze Kerk” moet ingevoeg word (Rutgers bl. 83).

In die tweede doopvraag word onvoorwaardelike *binding* aan die *Heilige Skrif* en die *Gereformeerde Belydenis* gevra.

Die Reformatore het nie twee soorte leer geken, een van die Skrif en 'n ander een van die Belydenis nie.

Konsekwent gaan dit om die gesag van die Ou en Nuwe Testament. Daarvan moet die Kerk se Belydenis 'n vertolking wees.

In hierdie leer wat in die plaaslike selfstandige gemeente geleer word — die kerk alhier — word die kerk opgehou.

Hierin — die leer van die Kerk — word juis die eenheid van die Kerk bewaar, mits dit gegrond is in die waarheid (die Heilige Skrif).

Sodra die Kerk afwyk van die suiwer leer — en dit het telkens in die geskiedenis gebeur — kom daar afval en afwyking en deformasie. Dan word die eenheid van die Kerk verbreek.

Sodra die „waaragtige en volkome leer van die saligheid” nie meer in die kerk gepreek word nie, begin die dwaling alreeds by die doopbak.

Ouers wat hulle kinders na die kerk bring om gedoop te word, is 100 % betrokke by die suiwerheid van die leer. Hulle kan hulleself en hulle kinders nooit meer daarvan losmaak nie. Deur ja te antwoord op hierdie doopvraag verklaar hulle hulself as aktiewe belyders van die waarheid. Ook al sou daar in hulle gemeente afdwaling kom, dan kom die roeping ook na hulle adres om die waarheid te herstel. „*Ecclesia reformata semper reformanda*” — die Gereformeerde kerk moet altyd reformeer, terug na die waarheid.

13.3.3 Die derde vraag

„Ten derde, belooft u en is dit u voorneme om hierdie kind, as dit tot sy verstand gekom het, van wie u vader (moeder of getuie) is of: hierdie kinders, as hulle tot hulle verstand gekom het, elkeen syne, van wie hy/sy vader (moeder of getuie) is, in dié leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig? (Ou Afrikaanse vertaling)

In al die oudste uitgawes word daar nie van *getuies* gepraat nie. Ook in die verkorte uitgawe van 1580 (Antwerpen) word die *getuies* nie genoem nie.

Later het daar egter ’n tradisie posgevat om ook die *getuies* te laat antwoord en het daar gaandeweg ’n formulering gekom soos wat ons dit vandag in die Rutgerstekes het.

Waar kom dan hierdie idee van *getuies* vandaan?

Ons moet onthou dat die Gereformeerde Kerk vanaf die tyd van die Reformasie ’n harde stryd teen die Anabaptiste gehad het en dat die doop van klein kinders nie onnodig moes uitgestel word nie. Selfs die afwesigheid van die moeder deur ’n lang siekte moes dit nie vertraag nie. In hierdie opsig het die *getuies* ’n belangrike plek ingeneem.

In ons tyd het die *getuies* weer gaandeweg op die agtergrond

gekom sodat daar in die nuutste Afrikaanse vertaling daarvan geen sprake meer is nie.

Opvallend is dit dat die moeder nie in die ou uitgawes direk genoem is nie, maar dit is ondervang deur die verwysing na die „ouers”.

Wat word deur die ouers beloof?

Hier geld dit die kinders se opvoeding. Die ouers moet hulle in „hierdie leer” onderrig of laat onderrig.

Hier het ons weer eens ’n verandering van die oudste teks wat na die Sinode van Dordtrecht in 1618 — 19 gekom het. Oorspronklik (1566 en 1580) was dit slegs ’n belofte om „na u vermoë te onderwysen”.

„In hierdie leer onderrig . . .”

Dit geld alles waarop die formulier reeds gewys het — hierdie belydenis volgens die Heilige Skrif . . .

Hierdie standpunt oor die doop . . .

Hierdie geloof aan die Drie-enige God . . .

Hierdie standpunt oor die Genadeverbond . . .

Hierdie erkenning van God se soewereine genade . . .

Hierdie geloof dat God se beloftes vas en seker is . . .

As die kinders groter word moet die ouers hulle uiterste bes doen om hierdie dinge aan hulle kinders in te skerp.

Dit is harde werk.

Opvoeding van kinders beteken nie maar net kos en klere en presentjies aan kinders gee nie, maar dit vereis elke dag voortdurende gebed en ’n toegewyde voorbeeld om “in die vrese van die Here” te lewe.

Aan die slot van hoofstuk 11 het ons alreeds hierdie dinge vir die praktyk uiteengesit.

Die kinders moet van vroeg af alreeds onderrig word.

Hulle leer nie maar net om te lees nie, maar ook om hulle Bybel te lees.

Hulle hoor nie alleen gebede nie, maar moet geleer word om self te bid.

En kinders moet gereeld saam kerk-toe gaan.

Hulle moet getrou wees in die voorbereiding van hulle katekisasies.

Ouers stuur ook nie hulle kinders sonder meer na ’n skool nie,

maar moet met intense belangstelling aktief meeleeft met die skool se onderwys, gees en rigting werklik *christelik* is.

Al hierdie dinge het te make met wat ouers in die kerk by die doopbak beloof het.

Dáár alreeds het hulle voor God en al die getuies van die hele gemeente stelling ingeneem teen die sogenaamde *neutrale* onderwys waar 'n gereformeerde belydenis nie meer 'n plek het nie.

Om te onderrig of te laat onderrig — in hierdie leer!

As 'n gedoopte volk hierdie dinge vergeet, dan ken hy ook later nie eens meer die doop self nie.

„Leer dan der natie haren doop verstaan en waardeeren, — en Kerk en Staat zijn gered”, het J.A. Wormser in 1853 geskryf.

DIE DOOPSBEDIENING

Die Doopsformule lui soos volg:

„N, Ek doop u in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”

Die betekenis van hierdie woorde is alreeds in hoofstuk 7 (Die Verlossing) verklaar.

Dat hierdie formule egter dikwels deur predikante in die geskiedenis verminsk is, het veral in die 19de eeu in die Hervormde Kerk in Nederland tot groot aanstoot gewees. Dit het selfs gebeur dat ’n kind gedoop word „in die naam van Geloof, Hoop en Liefde”. Hierdie wanpraktyke het gemaak dat die Hervormde Kerk se Sinode in 1896 ’n skrywe uitgereik het waarin dit verbied word dat predikante van die doopsformule in die formulier afwyk (Woeldekink, bl. 368).

Hoeveel kere moet die water op die kind gesprenkel word?

In die praktyk word die metode dikwels (miskien in die meeste gevalle) gevolg om die doopwater elke keer te laat vloei by die noem van die name van die Drieënige God. Ironies is dit dat die *Roomse Kerk* besonderlik daarop gestel is om hierdie praktyk te volg — deur dit driemaal te doen is die krag van die doop soveel sterker!

Die manne van die Reformasie het in die 16de eeu hierteen ingeworstel. In die Kerkorde wat by die Sinode van Dordrecht in 1574 opgestel is, is daar in art. 65 bepaal dat dit die „raadsaamste” en die „beste” is dat die kerke slegs één besprenkeling by die doop moet gebruik en dat die manier van „driemaal” verdra moet word totdat „men de andere manier beter invoeren kan” (Biesterveld en Kuyper, bl. 80).

Gebruik van die woord „amen”

Sommige predikante (miskien ook weer die meeste) het die gebruik om na die uitspraak van die formule ook die woord „amen” te sê.

Genoeg is dit om daarop te wys dat dit nêrens in die offisiële

tekste van die Gereformeerde Doopsformulier voorkom nie. Om dan oor hierdie punt 'n beginselstryd te maak soos wat in Nederland gebeur het, is bedenklik (vgl. Wielenga, bl. 343.).

DIE DANKGEBED

Iemand noem die slotgebed in die Doopsformulier 'n meesterstuk, 'n modelgebed, „de kroon op een monument dat de eeuwen verduurt” (Wielenga, bl. 347).

Gelukkig het ons hier feitlik geen teksprobleme met die nuwe Afrikaanse vertaling nie. Alhoewel die naam van Jesus Christus na „Leraar, Koning en Hoëpriester” uitgelaat is, is die inhoud verder nie verander nie.

Opvallend is dit dat hierdie gebed sterk teruggaan na *A'Lasco* en dat ons dit feitlik letterlik terugvind in die formulier van die *Paltz* wat deur Olevianus opgestel is. Opmerklik is dit dan ook dat hierdie gebed sterk leun op die *Heidelbergse Kategismus* en ons dink veral aan *Sondag 12*.

Ons en ons kinders

„Almagtige, barmhartige God en Vader ons dank en loof U dat U ons en ons kinders deur die bloed van u geliefde Seun, Jesus Christus, al ons sondes vergewe het . . .”

In die verkorte formulier van 1580 word ook melding gemaak van die feit dat God ons met ons nageslag in Sy *verbond* opgeneem het.

Vir die Reformatore het daar geen twyfel bestaan dat die hele gemeente („ons en ons kinders”) tot God se verbond behoort nie. Hier word nie gespekuleer met die gedagte dat die kind dalk 'n hipokriet kan wees nie. Hier bestaan eenvoudig geen twyfel dat God se beloftes vir hierdie kind waar en seker is nie. Woelderink wys daarop dat hierdie gedagte (ons en ons kinders wat almal die belofte van verlossing ontvang) baie sterk deur *Bullinger* en *Calvyn* geleer word. Hierdeur is die dwaling van die Anabaptiste met hulle individualisme dat die saligheid afhanklik is van 'n persoonlike bekering, met krag afgewys.

Dat Jesus Christus „ons en ons kinders” verlos het en dat hier nie reserwes nagehou word nie, sny ook die gedagte af dat ons moet begin werk met 'n sogenaamde „uitwendige verbond” en

„inwendige verbond” (die dwaling van Witsius in die 17de eeu). Ook die idee van ’n uitwendige en inwendige kerk dui op verval in die gereformeerde leer.

Nee, nooit mag die ouers en hulle kinders daaraan twyfel of God dit eg bedoel het nie. Hy skryf nooit vals tjeks uit nie! Tot op sy sterwensuur kan die Verbondskind nog altyd pleit op grond van wat God Self gedoen het, wat Hyself beloof het.

Die regering van die Heilige Gees

„Ons bid u ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kind van U altyd met u Heilige Gees wil regeer, sodat hy Christelik en godvrugtig opgevoed mag word . . .”

Let wel, hier word nie gevra dat die Heilige Gees wat in die gemeente woon, ook nou in hierdie gedoopte kind sal woon nie, want die kind besit reeds God se Gees. Wat nou gevra word is dat die Heilige Gees die kind altyd sal regeer. *Altyd* . . . ook as die kind later selfs ongehoorsaam sal word en van die Here se Woord sal afwyk.

Die Heilige Gees moet tog die kind so regeer dat hy „christelik en godvrugtig” opgevoed word.

Hier word die ouers alweer direk ingeskakel. Ook sy hele lewensomgewing word betrek. Omdat dit ’n harde gevaarlike wêreld is waarin ons kinders moet opgroeï, kan hulle die regering van die Heilige Gees nooit ontbeer nie.

Maar wat beteken die regering van die Gees in die praktyk? Heel eenvoudig: dat die Heilige Gees ’n mens deur God se Woord regeer, dat jou lewe van A tot Z onder die tug van die Evangelie staan.

Die Heilige Gees werk nie sonder die Woord nie — dit sê die Wederdopers. Die Heilige Gees bind Self Sy Woord aan Sy werking. Dit is Sy instrument. Op die vraag, „Waar kom die geloof vandaan?” antwoord die Heidelberger: „Van die Heilige Gees wat die geloof in ons harte werk deur die verkondiging van die heilige evangelie . . .” (Sondag 25).

Dus: as ’n gedoopte kind wil hê dat die Heilige Gees sy lewe moet regeer, is die pad duidelik uitgestippel — lees jou Bybel, kom kerk-toe waar die evangelie verkondig word, bid . . .

Groei in Jesus Christus

„Laat hy in die Here Jesus Christus groei en toeneem, sodat hy u

vaderlike goedheid en barmhartigheid, wat U aan hom en ons almal bewys het, mag leer ken.”

Dat hier nie ten eerste gebid word vir wedergeboorte en bekeering nie, maar vir ’n „groei” en „toeneem” in Jesus Christus, berus op die oortuigde geloof dat die kind as lid van die gemeente reeds in Christus ingelyf is — ’n loot van die liggaam wat groei, soos die lote van ’n wingerdstok. Opmerklik is dan ook juis dat die Bybelteks Joh. 15:5 in die oudste Doopsformuliere hier geplaas word:

„Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”

Om in Christus te groei, beteken egter ook om die Vader se goedheid en barmhartigheid te ken.

Om te ken, beteken hier om te *bely*. Die oorspronklike Doopsformuliere gebruik die woord „bekennen”. Dieselfde „bekennen” vind ons ook in die Duitse formulier van die Paltz. Die Bybelteks wat dit vergesel is Ps. 103:13,

„Soos ’n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees”.

Die Vader se goedheid en barmhartigheid is kernbegrippe vir sy onuitspreeklike genade in Jesus Christus vir tyd en ewigheid. Dit moet „beken” (= bely) word. Die wêreld moet dit weet. Jou christenskap moet vir almal duidelik wees. In jou moet die mense die Vader se goedheid en barmhartigheid kan raaksien.

En hierdie goedheid en barmhartigheid is nie vaag en onduidelik nie. Die Vader het dit dan juis deur die doop aan daardie kind „en ons almal” (wat gedoop is) *bewys*.

Die enigste Leraar, Koning en Hoëpriester

„Gee dat hy in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester Jesus Christus sal lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk sal stry en oorwin . . .” (Die nuwe Afrikaanse vertaling het die naam van Jesus Christus weggelaat).

Dit is juis in hierdie gedeelte waarin die Doopsformulier so sterk aansluit by Sondag 12 van die Heidelbergse Kategismus. Dit gaan hier oor die belydenis van Christus.

Christus is die *hoogste profeet* „wat ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle openbaar”.

Christus is die *enigste Hoëpriester* „wat ons met die enige offe-

rande van sy liggaam verlos het en vir ons met sy voorbidding gedurigdeur intree by die Vader”.

Christus is die ewige Koning „wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verworwe verlossing beskut en bewaar”.

En meteen hoor ons die trompet wat oproep tot die stryd van die christen.

Die Doopsformulier het geen illusies oor die vyand nie.

Hy is glad nie gerus oor die felheid van die stryd nie. Hy is erg bekommerd dat die gedoopte kind die duiwel en die sonde onderskat.

Bowendien, die duiwel bou hier op aarde sy ryk en hy beskik oor baie magte en helpers. Die lewe is ontsettend gevaarlik. Die bose is voortdurend gereed om toe te slaan. Gedoopte, jy moet wakker wees en op jou hoede! Trek die volle wapenrusting aan (Ef.6)! Jy moet oorwin — in Christus!

Die hoogste doel van alles

„ . . . en dat hy U en u Seun, Jesus Christus, en ook die Heilige Gees, die enige en waaragtige God, ewig sal loof en prys. Amen”

„Soli Deo gloria” — aan God alleen die eer!

Daarmee eindig die Gereformeerde Doopsformulier.

Daarin is die grootste doel van die lewe: om God Drieënig ewig te loof en te prys!

DAARVOOR IS JY GEDOOP!

BYLAES

DIE OORSPRONKLIKE TEKSTE VAN DIE
DOOPSFORMULIERE IS IN ERKENTLIKHEID
ONTLEEN AAN H.J. OLTHUIS (1908) EN
F.L. RUTGERS (1897)

BYLAAG 1

CALVYN SE DOOPSFORMULIER — 1539

Met erkenning aan prof. dr. H.W. Simpson, die vertaler.

Formulier vir die bediening van die sakramente geskrywe vir gebruik in die kerk van Genève*)

FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE DOOP

Bowe-al moet ons daarvan kennis neem dat ons ons kindertjies op die dae van die Here tydens Kategismus of op ander dae by die prediking ten doop moet bring sodat die heilige doop ten aanskoue en voor die oë van die hele vergadering gevier kan word omdat dit 'n inlywing in die gemeente is.

Na afhandeling van die prediking word die kindjie ten doop gebring. Dan begin die bedienaar soos volg:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde geskape het, Amen.

Bedienaar: Bring u hierdie kindjie om gedoop te word?

Antwoord: Ja

BEDIENAAR:

Wanneer Hy sê dat ons weergebore moet word, toon die Here duidelik aan ons in hoe 'n groot afstootlikheid, ellende en bedorwen-

* Oorspronklik in Straatsburg opgestel

heid ons gebore word. Want as ons natuur weer nuutgemaak moet word, sodat ons in die koninkryk van God ingestuur mag word, is dit 'n belangrike bewys daarvan dat ons natuur volkome bedorwe en vir God afstootlik is. Daarom vermaan Hy ons om ootmoedig en nederig te wees en dat ons onreinheid vir ons 'n bron van bitterheid en haat moet wees. Om die rede berei Hy ons vir sy genade voor wat deur die bedorwenheid en onwaardigheid van ons vroeëre natuur uitgedoof en ten volle vernietig is. Want daar is geen plek daarvoor in ons voordat ons nie alle vertrouwe op ons eie krag, geregtigheid en wysheid verwerp het sodat ons alles wat daarvan in ons aanwesig verdoem en verwerp nie.

Maar toe Hy aan ons ons onreinheid en afstootlikheid openbaar en aangetoon het, het Hy ook uit sy barmhartigheid vir ons vertroosting gegee en aan ons belowe dat Hy ons met sy Heilige Gees tot 'n nuwe lewe sal opwek om vir ons toetrede tot sy Ryk te wees.

Hierdie wedergeboorte bestaan uit twee dele, want ons moet onself volkome verloën en nie ons verstand, wil, genot of luste gehoorsaam nie, ja, ons moet eerder ons verstand en gees aan die wysheid en geregtigheid van God onderwerp en alles wat uit onself kom en uit ons vlees uit te wis; dan betaam dit ons om die lig van die Here na te volg en sy heilige wil te gehoorsaam. So leer Hy ons self in sy Woord en met sy Heilige Gees laat Hy sy lig voor ons skyn en wys vir ons die weg aan. Dit is albei in ons Here Jesus Christus vervul en volbring; sy dood en lyding het soveel krag dat ons daarin deel hoewel ons in sonde begrawe is, sodat die begeertes van ons vlees afsterwe en uitgewis word.

Jesus Christus vervul en volbring; sy dood en lyding het soveel krag dat ons daarin deel hoewel ons in sonde begrawe is, sodat die begeertes van ons vlees afsterwe en uitgewis word.

Hierby kom nog dat ons deur die krag van sy opstanding tot 'n nuwe lewe opgewek word. Dit ontstaan uit God in soverre as wat sy Gees ons regeer en lei sodat dit die werk in ons volbring wat vir Hom welbehaaglik is.

Tog is die kern van ons redding die feit dat Hy uit barmhartigheid ons oortredinge vergewe en ons dit nie toereken nie maar die herinnering daarvan vergeet en uitwis sodat dit nie weer in sy oordeel teen ons ingebring word nie.

Al hierdie weldade word ons deelagtig wanneer Hy ons deur die doop in sy gemeente inlyf. Want in hierdie sakrament getuig Hy van ons sonde-vergiffenis. Daarom het Hy die teken in merk van

die water ingestel en daarmee duidelik aangedui soos die vlekke van ons liggaam daardeur afgewas word dat Hy ons siele netso wil reinig en suiwer, sodat daarin geen vlek of letsel meer oorbly nie.

Maar meer nog as dit, hernu Hy ons daarmee. Soos ons gesê het is dit die afsterwe van ons vlees en 'n geestelike lewe wat Hy in ons tot stand bring en voortsit.

Ons word dus met 'n dubbele seën deur God in die doop begiftig: laat ons dus nie die krag van die sakrament ondankbaar en onnadenkend tot niet maak nie. Want ons het daarin die vaste getuienis dat God daarin vir ons 'n goeie Vader wil wees en dat Hy ons ons oortredinge nie sal toereken nie; verder dat Hy ons met sy Heilige Gees sal bystaan om teen die duiwel, die sonde en die begeertes van ons vlees te stry totdat ons oorwin sodat ons in die vryheid van sy Ryk wat die Ryk van geregtigheid is kan lewe.

Wanneer hierdie twee dinge deur die genade van Jesus Christus in ons vervul word, is dit duidelik dat die waaragtigheid in wese van die doop in Hom saamgevat en afgesluit word. Want slegs in sy bloed het ons die afwassing. Maar soos Hy sy seëninge en sy rykdom deur sy Woord met ons deel, gee en skenk Hy die seëninge deur die Doop aan ons.

Maar ons goeie en goedertieren God was nie tevrede om ons net tot sy kinders aan te neem en tot deelgenootskap tot sy kerk toe te laat nie, maar dit was ook sy wil om met groter vrygewigheid en vryer sy goedertierenheid oor ons uit te stort, want Hy belowe aan ons dat Hy ons God sal wees en vir ons nageslag tot in die duisendste geslag.

Hoewel die kinders van gelowiges daarom uit die bedorwe nageslag van Adam ontstaan het, laat Hy hulle nietemin tot Hom toe vanweë die verbond wat Hy met hulle ouers gesluit het, en Hy beskou en reken hulle tot sy kinders. Daarom was dit sy wil dat die teken van besnydenis alreeds sedert die begin van die geboorte van die Kerk op sy kinders gestempel moes word. Met hierdie teken het Hy toe alreeds al die dinge aangedui en getoon wat vandag nog in die doop aangedui word. En soos Hy gebied het dat hulle toe besny moes word, het Hy hulle as sy kinders getel en verklaar dat Hy net soos die vaders uit wie hulle gebore is, ook hulle Vader was.

Maar aangesien die Here Jesus na die aarde neergedaal het — nie om die genade en seën van God die Vader te verminder nie, maar om die heilsverbond oor al die gebiede van die wêreld (oor

die hele wêreld) te versprei, wat destyds onder die Jode ingesluit is, bestaan daar geen twyfel daaroor nie dat ook ons kinders erfgename van die lewe en heil is wat Hy aan ons belowe het. Daarom verklaar Paulus dat hulle alreeds van moederskoot af heilig gemaak (geheilig) word om hulle van die kinders van die heidene en van die wat van die ware godsdiens afvallig is, te onderskei.

Daarom laat ons Here Jesus Christus die wat vir Hom aangebied word as sy kinders toe soos daar in die tiende hoofstuk van Mattheus geskrywe is. Toe is die kindertjies na Hom gebring sodat Hy sy hande op hulle kon lê en vir hulle kon bid. Maar sy dissipels het hulle berispe. Maar Jesus het vir hulle gesê: „Laat die kindertjies na my toe kom en moenie hulle verbied nie. Want die koninkryk van die hemele behoort aan sulke mense.” Wanneer Hy verklaar dat die koninkryk van die hemele aan hulle behoort, Hy sy hande op hulle lê en hulle aan God sy Vader opdra, leer Hy ons duidelik genoeg dat hulle glad nie van sy gemeente uitgesluit mag word nie.

In navolging van hierdie maatstaf en gebod sal ons hierdie kindjie dus tot sy gemeente toelaat sodat hy ook 'n deelgenoot kan word in al die seëninge wat Hy aan die gelowiges belowe het.

Maar laat ons vooraf 'n gebed doen en ons aan Hom offer en met nederigheid en ootmoed biddend sê:

Here God, ewige en almagtige Vader, aangesien U na u grenslose barmhartigheid belowe het dat U vir ons en ons kinders 'n God sal wees, bid ons U dat U u seën waardig moet ag om dit op hierdie kindjie te bevestig en op sy ouers wat U tot u kerk ingelyf het. En soos ons hierdie kindjie aan U offer en wy, mag U hom in u sorg opneem en U as sy God en Verlosser betoon, en die geboortesonde vergewe en uitwis wat aan die hele geslag van Adam kleef. Mag U hom deur u Heilige Gees heilig maak, sodat hy U as sy enigste God en Verlosser mag leer ken en eer, wanneer hy met die loop van jare in oordeel en verstand vordering gemaak het, en sy hele lewe lank al die lof en die heerlijkheid aan U mag gee en voortdurend vergiffenis vir sy sondes van U mag verkry. Mag U hierdie kind waardig ag om hom in u gemeenskap in te lyf sodat hy in al u seëninge soos een van die lede van sy liggaam mag deel. Hoor ons Vader van barmhartigheid sodat die doop wat ons volgens u instelling aan hom bedien die vrug en krag mag toon soos die onderwysing van u Evangelie aan ons toon.

Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied op die aarde soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergewe ons ons skulde soos ons ook ons skuldenare vergewe, en lei ons nie in versoeking nie, mar verlos ons van die bose, want aan U behoort die koninkryk, die mag en die heerlikheid tot in ewigheid, Amen.

Aangesien hierdie kindjie tot die gemeente van Christus toegelaat moet word, belowe julle dat julle hom, wanneer hy tot volle oordeel en verstand gekom het, in die leer wat deur die volk van God aanvaar en goedgekeur is, sal onderrig soos dit bondig en opsommend saamgevat is in die geloofsbelydenis waaraan ons almal vashou?:

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. En in Jesus Christus, sy Seun, ons Here, wat ontvang is uit die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria, wat gestraf en gekruisig deur Pontius Pilatus, gestorwe en begrawe is, wat neergedaal het na die hel, op die derde dag opgestaan het uit die dode opgevaar het na die hemele, en sit aan die regterhand van God die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode.

Ek glo in die Heilige Gees, 'n heilige algemene kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergiffenis van sondes, die weeropstanding van die vlees en 'n ewige lewe. Amen.

Julle belowe dus dat julle sal sorg dat hy in hierdie hele leer onderrig sal word, en oor die algemeen in alles wat in die Skrifte ingesluit is, dit is in sowel die Ou as die Nuwe Testament. Om dit aan te gryp en daarna te luister as die Woord en gewisse Spraak van God wat uit die hemel neergestuurd is. Daarbenewens sal julle hom aanspoor om sy lewe volgens hierdie maatstaf en reël in te rig wat God in sy wet ons gebied het. Die twee hoofpunte daarvan is: in die eerste plek dat ons God met ons hele hart, siel en kragte moet liefhê, en daarby ons naaste soos onself. Netso, dat hy sy woord en vermanings wat Hy deur sy profete en apostels ons geleer het, moet glo, dat hy homself en sy begeertes moet verloën en hom moet beywer vir die prediking van die Naam van Jesus Christus en die stigting van sy naaste.

[Wanneer hulle hierdie belofte afgelê het word sy naam aan die kindjie gegee; daarom sprinkel die bedienaar die water van die doop op hom terwyl hy sê:]

Naam: Ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

[Al hierdie dinge moet met 'n helder stem verkondig word en alles moet in die taal van die vaderland vermeld word, aangesien die gemeente wat by hierdie geheimenis aanwesig is, 'n getuie behoort te wees van die dinge wat daar met hom gebeur — en daarvoor is begrip noodsaaklik sodat almal meer en meer versterk kan word wanneer hulle terugdink aan die vrug en voordeel van hulle eie doop.]

Ons is welbewus daarvan dat daar elders 'n baie groot hoeveelheid seremonies in swang is en ons ontken nie dat die seremonies baie oud is nie. Maar omdat die seremonies na die oordeel of willekeur van mense of om die een of ander ongegronde rede uitgedink is, en verder omdat die seremonies sonder die Woord van God versin en ingestel is, en omdat daarbenewens soveel bygelowe daaruit voortgevloei het, het ons besluit om die seremonies wat sonder respek is uit te wis en tot niet te maak sodat die toegang tot Jesus Christus nou vir niemand afgesny sou word nie. Want in die eerste plek is dit duidelik dat alles wat nie deur God gebied en ingestel is nie, aan ons vrye oordeel oorgelaat word; verder is dit duidelik dat ons niks wat nie tot ons stigting en tot bekragtiging van ons godsvrug bydra nie, nie in die kerk moet aanvaar word nie; en as dit nou eenmaal in die kerk uitgevoer is, moet ons dit uitwis en verwyder. En dit moet ons des te meer nog doen omdat dit niks anders as 'n struikelblok en aanstoot skep nie, net asof dit 'n instrument van die afgodery en van menslike opvattinge is, moet ons dit glad nie verdra nie.

Daar bestaan geen twyfel daaroor dat kerse en olie (salf) wat salwing genoem word, en ander soortgelyke vorms van vertoon, nooit deur God ingestel is nie, maar deur mense ingevoer is. Die bygeloof het geleidelik dermate vordering gemaak dat dit van groter waarde en aansien beskou is as die instelling van Christus self.

Dit kan inderdaad hoegenaamd nie ontken word nie dat ons vashou aan die vorm en wyse van doop wat Christus self voorgeskrywe en wat sy apostels gevolg het en wat die eerste en ou kerk as gebruik en instelling gehandhaaf het. Ook kan ons nie daarvan aangekla word nie, behalwe insoverre as wat ons nie bereid is om God self in wysheid te oortref of te bowe te gaan nie.]

BYLAAG 2

DOOPSFORMULIER VAN DIE PALTZ

HEIDELBERG 1563.

FORM ZU TAUFFEN.

Vnser hülff stehet im Namen des Herrn, der Himel vnd Erden erschaffen hat, Amen.

Dieweil vnser Herr Jesus Christus sagt, dasz wir anderst nicht inn das reich Gottes mögen kommen, es sey dann dasz wir new geboren werden, so gibt er vns ein gewisse anzeigung, dasz vñsere natur durchausz verkehrt vnnd vermaledeiet ist, Vnd vermanet vns derhalben heimit, dasz wir vns für Gott demüthigen, vnd ein miszfallen haben sollen an vns selbst, vnd bereittet vns also Seine gnade zubegeben, durch welche all vnser boszheit vnnd vermaledeiuung vnserer alten natur abgetilget werde, Dann wir der gnaden Gottes nicht fehic sind, es sey denn das zuuor alles vertrauen auff vnser eigen vermögen, weiszheit und gerechtigkeit, ausz vnseren hertzen genommen sey, ja auch bisz dasz wir alles was in vns ist, gantz und gar verdammen.

Nach dem vns aber Christus vnser elend also für die augen gestellt, so tröst er vns auch viel mehr durch seine barmhertzigkeit, in dem er vns vnd vnsern kinderen verheisset, dasz er vns von allen vnsern Sünden waschen, das ist, vns deiselbigen von wegen seines blutuergiessens nicht zurechnen, auch vnser Natur wider zu seinem Ebenbild durch seinen heiligen Geist renewern wölle, Vnd solche verheissung vnserm schwachen glauben zubestätigen vnd an vnserm eignen leib zu versiglen, hat er befohlen, dasz wir in dem namen Gottes des Vaters, des sohns, vnd des heiligen Geistes sollen getaufft werden.

Derhalben zum ersten, da er wil, dasz wir mit wasser in dem Namen des Vaters getauffet werden, bezeugt er vns, gleich als mit einem sichtbaren Eyd, all vnser lebenslang, dasz Gott vnser vnd vnser samens Vater sein wil, vnns mit aller notdurfft leibs vnd der

seelen versorgen, vnnd alles vbel vns zu gut wenden, Dieweil alle Creaturen von wegen des bunds, so wir mit Gott haben, vns nit schaden können, sonder zu vnserm heil dienen müssen.

Zum andern, in dem wir in dem namen des Sohns getauft werden, verspricht er vns, dasz alles was der Sohn Gottes gethan vnd gelidten hat, vnser eigen seie, Also dasz er vnser vnd vnser Kinder Heiland sey, vns mit seiner heilsamen gnaden salbe, vns durch seine heilige empfangnusz, geburt, leiden vnd sterben, von aller vnreinigkeit vnd sünden erlöset hab, vnd all vnsern fluch vnd vermaledeuung ans Creutz genägelt, dieselbige mit seinem Blut abgewaschen vnd mit ihm vergraben habe, vnd also vns von der hellischen pein erledigt, auff dasz er vns durch sein auferstehung vnd himmelfart mit seiner gerechtigkeit bekleidet, vnnd jetzt für dem himlischen Vater vertrete, vnd am jüngsten gericht herrlich vnd one mackel für das angesicht des Vaters darstelle.

Zum dritten, da wir in den namen des heiligen Geists getauft werden, wird vns verheissen dasz der heilige geist, vnser vnd vnserer kinder lehrer vnd Tröster in ewigkeit sein werde, vns zu waren gliedern des leibs Ihesu Christi mache, auff dasz wir an Christo vnd allen seinen gütern, sambt allen glidern der Christlichen Kirchen gemeinschaftt haben, also dasz vnserer sünden in ewigkeit nit mehr gedacht, auch die sünde vnd schwachheit die in vns noch vbrig bleibt, je lenger je mehr getödtet, vnd in vns ein newes leben angefangen, vnd endlich in der seligen auferstendtnusz (da disz vnser fleisch dem herrlichen leib Christi gleichförmig sein wird) in vns volkomlich offenbart werden sol.

Nach dem aber in einem jeden Bund, beide theil sich verpflichten, so verheissen auch wir Gott dem Vater, Sohn, und heiligen Geist, dasz wir durch seine gnad jn allein für vnsern einigen waren und lebendigen Gott erkennen vnd bekennen wollen, jn allein in aller not anrufen, vnd als gehorsame kinder leben, wie diese neue geburt erfordert, welche in disen zweien stucken stehet, Erstlich, dasz wir ausz warer rew vnd leid vber vnser sünd, alle vnser vernunft vnnd lüste verleugnen, vnd dem willen Gottes vnterwerffen, vnd alle sünde von hertzen hassen vnnd fliehen, Darnach auch dasz wir anheben

lust vnnd lieb zu haben, nach dem wort Gottes in aller heiligkeit vnd gerechtigkeit zuleben.

Wann wir aber vnterweilen ausz schwachheit in Sünden fallen, so sollen wir doch nicht darinnen bleiben ligen, noch verzagen, oder durch einiche andere mittel, denn durch Christum vergebung der sünden suchen, sondern, alle zeit durch vnsern Tauff erinnert werden, daruon ab zustehen vnd festiglich zuuertrawen, dasz derselben vmb des blutuergiessens Christi willen für Gott nimmermehr solle gedacht werden, Sintemal vns der H. Tauff ein vngezweiflet zeugnusz ist, dasz wir einen ewigen bund mit Gott haben, vnd in den lebendigen brunnen der ewigen barmhertzigkeit des vaters, und des aller heiligsten leidens vnd sterbens Iesu Christi, durch die krafft des heiligen Geistes getauftt sein.

Wiewol aber vnser kindlein diese gemeldten vrsachen vnd geheimnusz noch nicht verstehen, viel weniger können bekennen, so sollen sie doch vom heiligen Tauff keins wegs ausz geschlossen werden: Dieweil sie von Gott zu seinem Bund beruffen seind, den Gott mit Abraham den vater aller gleubigen vnnd seinem samen, vnd also auch mit vns vnnd vnsern Kindern gemacht hat: Ich wil, spricht der Herr, aufrichten meinen bund zwischen mir vnnd dir, vnnd deinem samen nach dir, bey jren nachkommen, dasz es ein ewiger Bund sey, also dasz ich dein Gott sey, vnd deines samens nach dir,

Nun ist aber vnser Herr Iesus Christus in die welt kommen, nit die gnad seines Himlischen Vaters zu schmälern, sondern vil, mehr den Gnadenbund so zuuor im Volck Israel ein geschlossen war, durch die gantze welt auszubreiten, Vnd hat an statt der Beschneidung den heiligen Tauff zum warzeichen vnd sigel dieses bunds, vns vnd vnsern kindern verordnet, wie der h. Apostel Petrus solche bestätigung des bunds ausztrücklich lehret in den Geschichten der Apostel im 2. Cap. da er spricht: Thut busz vnd lasz sich ein jeder täuffen auff den namen Ihesu Christi, zur vergebung der sünden, so werdet jr empfangen die gabe des heiligen Geists, Denn ewer vnnd ewer kinder ist diese verheissung vnd aller die fernn seind, welche Gott vnser Herr herzu ruffen wird. Darzu heisset auch der Herr Christus selbst die vnmündige kindlein zu sich bringen, vnd spricht jhnen mit

worten vnd wercken das Himelreich zu, wie Marci am 10. geschrieben stehet: Zu der zeit brachten sie die kindlein zu Iesu, dasz er sie anrühete. Die jünger aber furen die an die sie trugen Da es aber Iesus sahe, ward er vnwillig vnd sprach zu jnen, Lasset die Kindlein zu mir kommen, vnd weret jnen nicht, dann solcher ist das reich Gottes. Warlich ich sage euch, wer das reich Gottes nit empfahet als ein kindlein, der wird nicht hinein kommen, vnnd hertzet sie, vnd leget die hend auff sie, vnd segenet sie. Ausz diesen Worten ist offenbar, dasz auch vnserer Kinder in Reich, vnnd Bund Gottes seind, vnd derhalben auch den Tauff, als das Sigill des bunds empfangen sollen, ob sie schon die geheimnusz des Tauffs, alters halben noch nicht verstehen, Gleich wie die kindlein von Iesu Christo selbst mit Worten vnnd wercken gesegnet sein, vnd in der alten kirchen am achten tag beschnieten wurden, wiewol sie den segnen des Herren, wie auch die geheimnusz der beschneidung noch nit verstunden.

Derhalben so last vns Gott also anrufen.

O Almechtiger, ewiger Gott, der du hast durch die sündflusz nach deinem strengen vrtheil die vngleubige vnd vnbuszfertige welt gestrafft, vnd den gläubigen Noe selb acht ausz deiner grossen barmhertzigkeit erhalten, vnd den verstockten Pharao mit allem seinem volck im roten Meer ertrencket, dein volck Israel aber truckens fusz hindurch geführt, durch welches dieser Tauff bedeutet ward.¹⁾ Wir bitten dich durch deine grundlose barmhertzigkeit, du wöllest disz dein kind gnediglich ansehen vnd durch deinen heiligen geist, deinem sohn Iesu Christo einleiben, dasz es mit jm in seinen tod vergraben werde, mit jm auch auferstehe in einem neuen leben, in dem es sein Creutz jm teglich nachfolgende frölich trage, jm anhangen mit warem Glauben, steiffer hoffnung, vnnd innbrünstiger liebe, dasz es dieses leben, das doch nichts anders ist, denn ein tod, vmb deinet willen getrost verlassen möge, vnd am jüngsten tag für dem richterstul Christi deines sohns vnerschrocken erscheinen, durch denselben vnsern Herrn Ihesum

Christum deinen Sohn, der mit dir vnd dem heiligen Geist ein einiger Gott, lebt vnd regiert in ewigkeit, Amen.

vnsrer Vater, u. s. w.

Bekennet auch mit mir die Artickel vnsers alten allgemeinen vngezweiffelten Christlichen glaubens, darauff disz kind getaufft wird.

Ich glaub in Gott Vater, Allmechtigen Schöpfer Himels vnd der Erden x Amen.

Frag.

Begeret jr dann ausz warem glauben an die vertheissung Gottes in Jesu Christo, welche vns vnd vnsern kindern gegeben ist, dasz er nit allein Vnsrer, sondern auch vnsers Samens Gott sein wölle, bisz ins tauzend glid, dasz dieses kind darauff getaufft werde, vnnd die versigung der kindschafft Gottes empfahe?

Antwort.

Ia.

Hie ist vnuonnöten das kind aufzuwicklen, sonder genug, dasz jm das haupt entpösset werde.

Vnnd als dann sage der Kirchendiener, dasz sie das Kind nennen, vnd darnach begiesse er es mit wasser, vnd spreche: N. Ich tauff dich in dem namen Gottes des Vaters, des Sohns vnd des heiligen Geistes.

Dancksagung.

Last vns Gott dem Herren dancken.

Allmechtiger barmhertziger Gott und Vater, wir sagen dir lob vnd danck, dasz du vns vnd vnsern kindern durch das Blut deines lieben Sohns Iesu Cristi alle vnser Sünden verziehen, vnd vns durch deinen heiliger Geist zu gliedern deines eingebornen Sohns, vnd also zu deinen kindern angenommen hast, vnd disz alles vns mit dem heiligen Tauff versiglet vnd bekreffiget. Wir bitten dich auch durch denselben deinen lieben Sohn, dasz du disz kind mit deinem heiligen Geist allzeit wöllst regiern, auff dasz es Christlich vnd Gottselig auffgezogen werde, vnd in dem Herren Iesu Christo wachse vnnd zuneme, auff das es deine väterliche güte vnd barmhertzigkeit, die du jm vnnd vns allen bewiesen hast, bekennen, vnd in aller gerechtigkeit vnter vnserem einigen Lehrer, König vnd hohen Priester Christo Iesu leben,

vnd ritterlich wider die sünde, den Teuffel vnd sein gantzes reich streitten vnd siegen möge, dich vnd deinen Sohn Iesum Christum sampt dem heiligen Geist den einigen vnnd waren Gott ewiglich zu loben vnd zu preisen, Amen.

